JERIGO MURE GEBEDSGIDS – DESEMBER 2008

Maandag 1 Desember 2008

Gebedsfokus op redding: Verpleegpersoneel

Ek wil die Here loof en nie een van Sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees (**Ps.103:2-3**). Verpleegpersoneel word oor die algemeen nie goed betaal nie. Hulle werk lang ure met pasiënte wat pyn, ongemak en trauma ervaar. Laat ons vir hulle redding bid en dat hulle hulle werk met die nodige verantwoordelikheid, etiese norme en ywer sal verrig. Vra dat hulle die waarheid en vrymaking van verlossing sal verstaan, dat hulle sensitief sal wees en die evangelie met hulle pasiënte sal deel, vir hulle sal bid en hoop sal bring vir die honderde wat hulle maandeliks versorg. Bid dat hulle lewe in Christus hulle sal help om nie klinies te word nie, maar dat hulle elke persoon as 'n unieke indiwidu sal bly beskou.

Gebedsfokus op wêreldgesondheid: *Wêreldvigsdag* 2008

Wereldvigsdag se fokus is om 'n beroep op regerings, beleidmakers en streeksgesondheidsorganisasies te doen om die vele teikens wat gestel is om MIV/VIGS te bestry, teen 2010 te bereik. (Webruimte: http://www.avert.org/worldaid.htm). Bid asseblief dat alle sektore van die samelewing, soos gesinne, gemeenskappe en burgerlike maatskaplike organisasies – eerder as net regerings – die inisiatief sal neem en leiding sal gee met betrekking tot die stryd teen vigs. Bid ook dat die Kerk hier sy posisie sal inneem in ooreenstemming met God se bepalings.

Dinsdag 2 Desember 2008

Gebedsfokus op die jeug: Begin van die SA vakansietyd

Die skole sluit hierdie week vir die vakansie. Bid asseblief dat die kinders wat nou alleen by die huis moet bly, nie vir die "pret" by skadelike praktyke soos dwelm- en alkoholmisbruik betrokke sal raak nie. Vra dat hulle 'n honger en dors na goeie dinge sal hê en veral dat hulle die Woord van God sal leer ken en saam met vriende sal bid en sal praat oor kwessies wat hulle pla. Bid asseblief vir hulle en veral vir die matrikulante se beskerming en dat hulle nie in hierdie tyd selfmoord sal pleeg nie.

Gebedsfokus op evangelisasie: Nuwe radiostasie vir die Yao-gemeenskap

'n Opwindende *FM Radio*-stasieprojek (20 km vanaf die suidkus van die Malawi-meer) het met uitsendings van Christelike programme vir tagtigduisend plattelandse Yao-mense in die streek begin. Dit is letterlik van die grond af opgebou, met die gebruikmaking van plaaslike bronne en arbeiders. Uitsendings het in September 2008 begin. Prys die Here vir die totstandkoming van hierdie projek. Bid vir die personeel en ook vir wysheid met navorsing sodat meer mense doeltreffend bereik kan word. Bid ook vir die voorsiening van radio's aan arm mense sodat hulle die evangelie kan hoor. (*FEBA Radio South Africa*, Posbus 26270, Gezina, 0031. Tel.: 012 335 5708, faks: 012 335 8134. Webruimtes: http://www.febaradio.co.za of http://www.febc.org of e-pos: febasa@corpdial.co.za).

Woensdag 3 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Herlewing in Kaapstad 1809

In 1809 het Brittanje twee regimente soldate na Kaapstad gestuur. Vier jaar lank was John Kendrick ('n soldate-lekeprediker) en George Middlemiss (ook 'n soldaat) op die uitkyk vir 'n gebedsbyeenkoms wat hulle kon bywoon. Kaapstad was in die greep van goddeloosheid en onsedelikheid en het as die "Parys van die Suide" bekend gestaan. Toegewyde Christene is erg vervolg en die spot mee gedryf.

In Oktober 1809 het 'n aardbewing Kaapstad getref. Dit het agt dae lank aangehou. Rotse het van Tafelberg af losgebreek en huise vernietig, maar niemand is beseer nie. Mense het bewend van angs na die Kaapse Vlakte gevlug en in afgryse toegekyk hoe die stad asof deur 'n magtige hand geskud word.

John Kendrick het later berig: "Dit was die wonderlikste ding wat in Kaapstad kon gebeur het, want dit het 'n gevoel van erns en vrees vir God laat ontstaan, tot so 'n mate dat baie mense na herlewing begin dors het. Die vonk van genade het spoedig van die een siel na die ander versprei. Gebedsbyeenkomste is begin en 'n wonderbare smeekgeroep om die genade van God het gevolg. Die plekke van aanbidding was dikwels so oorvol dat baie mense nie eers naby die deure kon kom nie. Berugte sondaars het om vergifnis gepleit. Die getal geëvangeliseerdes in die Kaap het by die honderde aangegroei." *(Breath of Heaven*, Ken Terhoven, bll. 59-60).

SMEEKGEBED vir herlewing*: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Kom asseblief weer na ons toe, veral soos in Kaapstad in 1809. Ons het so 'n dringende behoefte aan 'n besoek van U Heilige Gees. Ons roep tot U dat U 'n hernude erns en vrees vir God by ons mense teweeg sal bring. Bring asseblief 'n honger en 'n dors vir U Woord in die harte en gedagtes van mense. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Gebedsfokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger wat by die kantore van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* regoor die land werk. Bid vir hulle veiligheid en gesondheid. 'n Hele paar van hulle was vanjaar ernstig siek. Bid ook tot God dat Hy in hulle praktiese en fisiese behoeftes sal voorsien. Waar ons besig is om ons program vir volgende jaar voor te berei, bid asseblief vir die Here se wysheid en nabyheid sodat ons Sy stem duidelik sal hoor. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwood Ridge, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Donderdag 4 Desember 2008
Gebedsfokus op herlewing: Die rol van gebed in herlewing
Voor die 1857-1858-herlewing in New York was daar 'n bestendige opbou van gebedsaktiwiteit. In 1840 het die Parkstraat Kerk in Boston begin om vir herlewing te bid. Hulle het onmiddellik 'n verandering in die gemeente en 'n buitengewone groei in die lidmaatskap waargeneem. Na ongeveer vyf jaar het die gebedsmomentum doodgeloop. 'n Paar jaar later, teen 1850, het 'n ander gemeente, die Ou Suid-kerk in Boston, ernstig vir herlewing begin bid. Meer en meer mense het die bidure bygewoon. In 1856 het hulle kwartdae van gebed en vas bygevoeg.

Teen September 1857, toe die herlewing in die Fultonstraat Nederduits Gereformeerde Kerk in New York begin het, was daar talle gebedsgroepe en honderde (sommige meen duisende) Christene wat oor die hele New York en Boston vir herlewing gebid het. Toe Jeremiah Lanphier 'n gebedsbyeenkoms byeengeroep het, was die fondament klaar voorberei. By die eerste byeenkoms op 23 September 1857 om 12:00-13:00 het daar slegs ses mense opgedaag. In een opsig was dit net nóg 'n gebedsbyeenkoms van besigheids- en ander mense met 'n las vir herlewing en die ommekeer van die maatskaplike, geestelike en ekonomiese toestand van New York en die nasie. Daardie gebedsbyeenkoms was die vonk vir die begin van die herlewing. Dit was nie die gevolg van slegs daardie een gebedsbyeenkoms nie. Daar is vir meer as 'n dekade intens en gefokus gebid waar mense tot die Here geroep het om in te gryp (*The Power of Extraordinary Prayer,* Robert O. Bakke, bll. 109-116).

SMEEKGEBED vir herlewing*: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Soos die mense in New York, roep ons tot U vir herlewing in ons land. Verander asseblief ons maatskaplike, geestelike en ekonomiese situasie. Wek U kinders op om dag en nag tot U te bid en hulle plek in te neem op die mure van hulle stede* (**Jes**.**62:6**). *Hier is ek, Here, raak my aan.*

Is jy 'n ware man?

Die vraag waarmee elke Christenman gekonfronteer word, is die volgende: *is jy 'n man van God?* Nie almal sien kans vir die pad nie. Dit kos 'n prys om 'n man van God te wees. Die prys is om in God se teenwoordigheid en vir God te leef. Min sien hiervoor kans. Ons sien wel daarvoor kans wanneer dit byvoorbeeld *óns* pas om geld te gee,

iemand te help, of 'n goeie daad te doen. En daar is iets heldhaftigs daaraan om "uit vrye wil" te kies om iets vir God te doen. Maar daar is min persoonlike eer daarin om net in absolute gehoorsaamheid die wil van God te doen, ongeag van wat dit is wat Hy vra. Ons dink gewoonlik ons gaan ons vryheid en menswaardigheid prysgee wanneer ons ons volledig aan die wil van God onderwerp. Maar presies die teenoorgestelde is waar.

Vrydag 5 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Die rol van gebed in herlewing

Toe herlewing in 1949 in die Hebridiese Eilande begin het, was dit nie as gevolg van die prediking van Duncan Campbell nie. Vir etlike maande voordat die herlewing begin het, het mense gebid, en hulle getalle het dramaties toegeneem. Dit was as gevolg van daardie gebede dat God sy kinders geantwoord het.

In party van die dorpe kon jy sien hoe die ligte in die huise later en later uitgedoof word. En in die oggende is die ligte vroeër en vroeër aangesteek. Die rede was dat mense meer tyd in gebed deurgebring het. Die dringende begeerte vir herlewing was aan die toeneem. God se kinders het letterlik die lampe tot laat in die nag laat brand en Sy aangesig gesoek vir die uitstorting van die Heilige Gees.

Twee bejaarde vroue, Peggy en Christene Smith, die een 86 en blind, die ander een 82 en vooroor geboë weens artritis, het dag na dag in hulle huis tot die Here gebid, terwyl die leraar en 'n paar ouderlinge die Here se aangesig 'n paar keer per week gesoek het. Hulle het vir herlewing gebid. Een nag het die twee dames tot dagbreek met die Here geworstel, en toe het hulle gevoel dat hulle 'n deurbraak gemaak het. Hulle het 'n boodskap na die pastoor gestuur: Herlewing is op pad, aan hom die naam verskaf van die persoon wat moes kom om die herlewingsbyeenkomste te lei. Die pastoor het 'n telegram aan Duncan Campbell gestuur, wat laat weet het dat hy nie kon kom nie. Die twee ou dames het net gesê: Hy sal binne twee weke hier wees. Minder as veertien dae later het Campbell begin preek en toe het herlewing in die Hebride gekom. (Duncan Campbell, *A Biography,* Andrew Woolsey, hoofstuk 8).

🗣 **SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons het 'n vurige behoefte aan kennis van U in ons land. Gee ons asseblief U guns in hierdie tyd en seën ons met 'n nuwe uitstorting van U Heilige Gees. Keer die harte van die mense terug tot U. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Saterdag 6 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Die gevolg van om in gebed op die Here beslag te lê

Daar word vertel van 'n insident by 'n plek met die naam Filey, in die vroeë jare van die Metodisme, waar die een prediker na die ander heen gestuur is, maar sonder enige sukses. Die dorp was 'n vesting van sataniese magte, en die prediker is telkens uitgedryf totdat einde ten laaste besluit is om dit maar as 'n hopelose saak te laat vaar. Die nou beroemde John Oxtoby, of "biddende Johnny", soos hy genoem is, het die Metodiste Konferensie gesmeek om hom soontoe te stuur en op dié manier die mense 'n laaste kans te laat kry.

Op pad daarheen het hy iemand teëgekom wat hom geken het en dié het vir hom gevra waarheen hy gaan. "Na Filey, waar die Here Sy werk gaan laat herleef." Toe hy Filey bo van 'n heuwel af aanskou, was sy gevoelens so intens dat hy op sy knieë neergeval het, onder 'n heining ingekruip en geworstel, gehuil en vir die sukses van sy sending gebid het. 'n Meulenaar wat aan die ander kant van die heining was, het die stem gehoor en met verbasing begin luister toe hy Johnny hoor sê: "U moenie 'n gek van my maak nie! U moenie 'n gek van my maak nie! Ek het vir die mense in Bridlington vertel dat U U werk gaan laat herleef, en U moet dit doen, anders sal ek nooit weer my gesig daar kan wys nie, en wat sal die mense dan van gebed en geloof sê?"

Hy het etlike ure aangehou met pleit. Die worsteling was lank en moeilik, maar hy het nie opgehou nie. Hy het sy absolute swakheid en onvermoë deel van sy pleidooi tot die Here gemaak. Uiteindelik het hy opgestaan en uitgeroep: "Dit is gedoen, Here! Dit is gedoen! Filey is verower! Filey is verower!"

En dit was verower, en met alles daarin! Hy het onmiddellik opgestaan van die plek van genade en die dorp binnegegaan en in die strate begin sing: "Wend julle tot die Here en word bekeer." 'n Groep geharde vissermanne het nader gegaan om te luister. Buitengewone kragte het deur sy woorde meegewerk, geharde sondaars het gehuil, sterk manne het gebewe, en terwyl hy gebid het, het meer as 'n dosyn van hulle op hulle knieë neergeval en hard uitgeroep vir genade en dit ontvang (*The Passion for Souls*, Oswald J. Smith, bll. 60-61).

SMEEKGEBED vir herlewing: *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. O Here, sien ons in genade aan. Ons roep weer eens tot U dat U intersessors sal opwek om in gebed beslag op U te lê soos nog nooit tevore nie. Wek jongmense en oumense op om in die gebed te worstel totdat hulle 'n deurbraak in die gees maak. Stort U Gees van barendsnood uit op U Kerk in Suid-Afrika. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Sondag 7 Desember 2008

Memoriseer
Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Jesus Christus is nie. Die wet van die Gees wat aan jou in Jesus Christus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en dood (**Rom.8:1-2**).

Gebedsfokus op die kerk: *All Africa Council of Churches (AACC)* Konferensie 7-12 Desember 2008
Die *All Africa Council of Churches (AACC)* sal binne die volgende paar dae byeenkom met die tema *Afrika, stap uit in geloof.* Dit beoog om struikelblokke te ondersoek wat in die pad staan van vernuwing en vooruitgang in Afrika. Temas soos waardes en morele vernuwing, ekonomiese geregtigheid, MIV/VIGS, armoede en goeie regering sal behandel word. Bid dat afgevaardigdes nie net sal praat oor wat in hulle gemoed is nie, maar tyd sal gebruik om na God se hart te luister oor hierdie sake. (*AACC*, P.O. Box 14205, 00800, Nairobi, Kenya. Webruimte: http://www.aacc-ceta.org/ of e-pos: ninthassembly@aacc-ceta.org of japhetn@aacc-ceta.org).

Vrede in die hart: Doen dit heelhartig
En die Here het gesê: Hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My af, hulle eer My soos mense dit wil hê en nie soos Ek wil nie (**Jes.29:13**). Niks maak die hart kouer as wanneer 'n mens iets sê maar dit nie werklik uit jou hart bedoel nie. God het die mens se hart geskep om opreg te wees en dit is onmoontlik om hierdie basiese spiritueel-genetiese kenmerk van die hart te systap. Hoe langer jy onopreg is, hoe meer gefrustreerd en ontnugter sal jy word. Dit kan gebeur dat as jy vir 'n lang tyd onopreg optree (veral teenoor jouself), jy later niks goeds in enige mens of enigiets anders sal sien nie.

As dit die toestand van jou hart is, is dit belangrik dat jy aandag daaraan sal gee en gou ook. Maar hoe? Maak seker dat jy baie binnekort tyd saam met die Here begin deurbring. Begin deur die dinge neer te skryf wat jou frustreer. Maak tyd om oor elkeen van die frustrasies met die Here te praat. Bely jou hartsgesindheid ten opsigte van elkeen, dit wil sê, wat die gesindheid in jou hart is as jy aan 'n spesifieke kwessie dink. Bely die dinge in jou hart wat werklik verkeerd is. Gee jou lewe en jou hart weer aan die Here oor. Vra Hom om jou in die toekoms meer sensitief ten opsigte van daardie aangeleenthede te maak. Bo alles, vra die Here om jou hart gesond te maak en dat jy opreg sal wees in alles wat jy doen.

Here, ek bely dat ek met my lippe naby aan U kom, maar my hart is ver van U af. Wat ander mense dink van wat en hoe ek dinge sê, is vir my te belangrik. Ek maak kompromieë in my denke oor reg en verkeerd en is daarom nie opreg teenoor U nie, ook nie teenoor ander nie en veral nie teenoor myself nie. Vergewe my asseblief hierdie

verkeerde gesindheid. Leer my om opreg teenoor U te wees en U te eer, nie net met my woorde nie, maar ook met my dade en dan met my hele hart.

Maandag 8 Desember 2008

Gebedsfokus op redding: Satanisme

Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van Sy Seun wat Hy liefhet. Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes (**Kol.1:13-14**). Vir baie mense begin betrokkenheid by Satanisme wanneer hulle aan oënskynlik onskuldige maar okkultiese praktyke deelneem. Jongmense veral word gelok om lid te word van satanistiese selgroepe, deurdat hulle dinge anders wil doen om hulleself daarmee te bewys. Daar is volwassenes in Suid-Afrika wat as hekse en krygshere (warlords) bedrywig is en hulle besoek dikwels kerke om die werk van die Here deur middel van hulle okkultiese aktiwiteite te ondermyn.

Bid dat elke persoon wat by Satanisme betrokke is, 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus self sal hê. Bid dat hulle vrae sal begin vra en na die waarheid sal begin soek. Baie leef in vrees vir hulle lewens of dié van hulle gesinne, of ander wat oor sterker okkulte magte as hulleself beskik en hulle skade kan aandoen. Bid vir hierdie mense en ook vir die persone wat hulle kan aanval, dat hulle die Here Jesus van aangesig tot aangesig sal ontmoet.

Gebedsfokus op herlewing: Nicholas Bengu en die ontwaking in die Oos-Kaap

Nicholas Bengu, deur *Time* tydskrif die swart Billy Graham genoem, was die seun van 'n Lutherse pastoor, maar as jong man het hy lid van die Kommunistiese Party geword. Na sy bekering in 'n Pinksterkerk is hy na 'n Bybelskool en in 1938 het hy by die *Assemblies of God* aangesluit en met groot seën begin preek. Na 'n droom waarin hy die woorde gehoor het: "*Afrika moet terugkeer na God toe*", het hy sistematies kruistogte oor die hele Afrika onderneem. Dit sou 40 jaar duur. Sy eerste groot kruistog was in 1945 in Port Elizabeth, met 'n duisend bekeerlinge oor 'n tydperk van ses weke. Hy het in Oos-Londen begin werk en oorlog teen sonde en misdaad verklaar. Duisende mense het tot bekering gekom, onder wie diewe, bendelede en moordenaars. Hy het vir byeenkomste tot so groot as 7 000 mense gepreek. Dikwels wanneer as hy gepreek het, is die Heilige Gees op die mense uitgestort. Seuns so jonk as twaalf jaar het in tale gepraat en begin profeteer. As die Gees van die Here op mense gekom het, kon baie nie loop nie en het uitgestrek op die grond bly lê asof hulle dood was. Duisende het tot bekering gekom en baie kerke het tot stand gekom. In die volgende jare het die werk 'n sneeubal-effek gehad. Elke jaar is deur nuwe herlewings gekenmerk. Mense van alle stande is bereik. 'n Zoeloe-koningin is in 1971 in die teenwoordigheid van 5 000 getuies gedoop. Invloedryke politieke leiers in Afrika was onder die bekeerdes. Hierdie herlewing het vir verskeie dekades in die swart kerk van Suid-Afrika voortgeduur.

🗣 **SMEEKGEBED vir herlewing:** *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons roep tot U om weer mense soos Nicholas in ons tyd op te rig wat die evangelie sonder vrees en met oortuiging sal verkondig. Ons vra U spesifiek vir 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees en van redding vir die Zoeloe-nasie en ook op invloedryke politieke leiers in Afrika. Laat U kerk herleef oor die hele spektrum van kultuurgroepe. Oorspoel ons weereens met ware en werklike herlewing. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Dinsdag 9 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Worsteling met die Here

David Brainerd het besluit om homself onvoorwaardelik aan intersessiegebed te wy. Daar word gesê dat "hy nagte in sielspynigende gebed in die donker bos deurgebring het, sy klere deurtrek met sweet as gevolg van die worsteling". En uiteindelik is die Heilige Gees op die hele gebied van Susquehanna uitgestort. Sy eerste gehoor het uit vier vroue en 'n paar kinders bestaan. Hierna het daar van alle kante af skares mans en vroue na hom gestroom wat teen hom gedruk, die teuels van sy perd vasgegryp en hom met intense erns gesmeek het om hulle te vertel hoe hulle gered kon word. Met grootse en blye verwondering het hy na hulle gekyk en die teks wat onmiddellik op sy lippe was, was: "Werklike liefde is dit …" (**1 Joh.4:10**). Geharde mans wat die ergste kastyding

kon verduur sonder om 'n spier te trek, het in sieleangs voor sy voete neergeval. In hulle nood het hulle geroep: "Wees my genadig!" Die bos is gevul met geluide van groot geweeklaag, en elke man het aan die voet van die kruis neergeval asof hy en die Verlosser alleen daar was. (Uit: *Handbook on Revival* deur H.E. Schmul).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons vra dat mans en vroue tyd opsy sal sit vir ernstige smeekgebede oor kwessies wat ernstige kommer in ons land wek. Stort asseblief op ALLE mense in die land 'n bewustheid uit van wat reg en verkeerd is, en wek 'n behoefte om te verander en heilige lewens vir U te lei. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Gebedsfokus op die kerk: *All Africa Council of Churches (AACC)* Konferensie 7-12 Desember 2008
Die Algemene Vergadering van die *All Africa Conference of Churches* kom elke vyf jaar byeen. Ongeveer 1 500 kerkverteenwoordigers, afgevaardigdes, waarnemers en ekumeniese vennote sal van 7-12 Desember in Maputo, Mosambiek, byeenkom. Bid dat God elke persoon wat die konferensie bywoon en ook dié wat in 'n organiserende hoedanigheid optree, sal aanspreek. Bid veral dat die groep jongmense van oral uit Afrika 'n persoonlike ontmoeting met die Here sal ervaar en 'n duidelike besef van Sy doel met hulle sal hê. (*AACC,* P.O. Box 14205, 00800, Nairobi, Kenya. Webruimte: http://www.aacc-ceta.org/, e-pos: ninthassembly@aacc-ceta.org of japhetn@aacc-ceta.org).

Woensdag 10 Desember 2008
Gebedsfokus op herlewing: 'n Herlewing wat na 300 jaar steeds die kerk aanraak
Niemand sou kon voorsien wat in die volgende paar uur sou gebeur toe 'n klein groepie Morawiese Christene in Herrnhut, Duitsland, byeengekom het om die Heilige Nagmaal op die Woensdagaand van 13 Augustus 1727 te vier nie. Die aanwesiges het besef dat alles nie pluis was onder hulle nie. Hoewel hulle nie so openlik krities teenoor mekaar was as 'n paar weke tevore nie, het hulle leier hulle aangemoedig om "op te hou om mekaar te oordeel". Die Morawiërs in Herrnhut het as 'n Christelike gemeenskap in harmonie saamgeleef, maar dit het gelyk of die soetheid van geloof in hulle lewens ontbreek het. Toe hulle egter daardie somersaand bymekaarkom, het hulle God se teenwoordigheid ervaar. As gevolg hiervan is hulle binne 'n enkele oomblik "in gelukkige mense verander". Die herlewing het honderd jaar lank voortgeduur. Die mense wat daar bymekaar was, het die teenwoordigheid van die Here so intens ervaar dat hulle 'n paar dae later met 'n gebedsbyeenkoms begin het wat vir langer as 'n honderd jaar, 24 uur per dag, sou aanhou. Vanuit daardie gebedsgemeenskap is honderde sendelinge uitgestuur om die evangelie oor die wêreld uit te dra aan mense wat dit nog nie gehoor het nie. (Uit: *The Ten Greatest Revivals Ever* deur Elmer Towns en Douglas Porter, bl. 57).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing:** *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons roep steeds tot U vir 'n openbaring vir die mense van ons land van dit wat reg en dit wat verkeerd is. Neem weg die leuens oor veroordeling en 'n toornige God wat wil verdoem en straf omdat Hy behae daarin vind en wys vir ons die hart van die Vader wat Sy kinders wil teregwys omdat Hy hulle liefhet.. Laat U kinders weer die blydskap van verlossing ervaar en onderhou ons deur U milddadige Gees* (**Ps. 51:14**). *Hier is ek, Here, raak my aan.*

Gebedsfokus op die kerk: *All Africa Council of Churches (AACC)* konferensie 7-12 Desember 2008
Die *AACC* se negende vergadering sal 'n platform wees vir die kerke in Afrika om hulle deelname te toon aan die agenda vir transformasie op die kontinent. Bid vir hierdie besprekings, dat dit nie deur persoonlike standpunte en politieke agendas belemmer sal word nie, maar dat die afgevaardigdes 'n honger en dors sal hê om vordering te maak ter wille van die evangelie en sodat Christus bekend gemaak kan word as die antwoord op alle aktuele vraagstukke. (*AACC*. P.O. Box 14205, 00800, Nairobi, Kenya. Webruimte: http://www.aacc-ceta.org/ of e-pos: ninthassembly@aacc-ceta.org of japhetn@aacc-ceta.org).

Donderdag 11 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Die Koreaanse herlewing van 1907

Die kerk in Korea het gehoor van die herlewing in Wallis wat in 1904 begin het. Gevolglik het sendelinge en 'n paar plaaslike Christene vir die uitstorting van die Heilige Gees in Korea begin bid. Na 'n paar weke het daar 'n groeiende bewustheid ontstaan van die teenwoordigheid van die Here en die verwagting het verder opgevlam.
Toe breek die tyd aan vir die jaarlikse byeenkoms van leraars en sendelinge. Die eerste byeenkoms was egter koud en dood. Op 'n Maandagmiddag (die tweede week van Januarie 1907), die dag nadat die konferensie begin het, het 'n aantal sendelinge bymekaargekom om te bid. Hulle het God gesmeek om in hulle midde te begin werk. Een van hulle het later getuig: "Ons was verenig in die gees en het geweier om God te laat gaan voordat Hy ons geseën het." Daar was egter tweespalt tussen twee Koreaanse pastore. Vroeër het die een gekom om om vergifnis te vra en die probleem uit te stryk, maar die ander een wou nie vergewe en om verskoning vra nie. Daardie aand het die onboetvaardige pastoor opgestaan, na die ander een gestap en voor al die mense om vergifnis gevra. Meteens het die mense begin bid. Soveel mense wou bid dat Lee aangekondig het: "As julle so wil bid, bid dan almal."

Dit was 'n ontsagwekkende gesig. Een van die sendelinge het later gesê dat hy vertrou dat die Here hom nooit weer die begin van 'n herlewing sal laat sien nie, omdat dit so 'n skrikwekkende ervaring was om die belydenis van sonde te sien. Mense het in groot sielesmart hulle sondes bely. 'n Herlewing het begin wat vir meer as 50 jaar aangehou het. Binne die bestek van maande is tienduisende mense gered en in die koninkryk opgeneem.

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing:** *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons is so jammer oor die verdeeldheid en wantroue onder predikers van die evangelie in die verskillende denominasies in ons land. Here, wees ons asseblief genadig, stort U Gees van versoening uit op elke Christen en wek hulle op om al die verkeerde dinge in hulle verhouding met ander Gelowiges reg te stel. Ons vra dat hulle nie rus sal vind totdat hulle versoen is met elkeen wat U op hulle hart plaas nie, selfs al beteken dit ure se intersessie om deurbrake te bewerkstellig. Ons bid vir heilige krag om verhoudings in groot en klein sake te herstel. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Gebedsfokus op die kerk: *All Africa Council of Churches (AACC)* Konferensie 7-12 Desember 2008

Verlede week het bg. betrokkenes aan 'n week lange *Ekumeniese Leerprogram* deelgeneem wat sleutelkwessies blootgelê het waaroor die ekumeniese beweging in Afrika besorgd moet wees. Bid vir hulle wat aan die opleidingsessies deelgeneem het, dat die Here gedurende die week hulle harte en gedagtes sal aanraak met helderheid en duidelike planne vir die toekoms. (*AACC*. P.O. Box 14205, 00800, Nairobi, Kenya. Webruimte: http://www.aacc-ceta.org/ of e-pos: ninthassembly@aacc-ceta.org of japhetn@aacc-ceta.org).

Vrydag 12 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Persoonlike herlewing

D.L. Moody: "Ek het aanhoudend na God geroep dat Hy my met Sy Gees moet vervul. Eendag in die stad New York – o, wat 'n dag! – ek kan dit nie beskryf nie. Ek verwys ook selde daarna. Dit is byna 'n te heilige ervaring om van te praat. Paulus het 'n ervaring gehad waaroor hy vir 14 jaar nie gepraat het nie. Al wat ek kan sê, is dat God Hom aan my openbaar het, en ek so 'n ervaring van sy liefde gehad het dat ek Hom moes vra om Sy optrede vir eers terug te hou. Ek het weer begin preek. Die preke was nie anders nie; ek het nie enige nuwe waarhede verkondig nie, nogtans het honderde tot bekering gekom. Ek sal nie nou weer teruggeplaas wil word na waar ek voor daardie geseënde gebeurtenis was nie. Selfs al sou jy die hele wêreld vir my gee –sou dit soos 'n klein korreltjie stof in die weegskaal wees."

Charles Finney: "Ek het na die kamer agter die voorkantoor gehardloop om te gaan bid. Dit het vir my gevoel of ek van aangesig tot aangesig voor die Here Jesus Christus te staan gekom het. Dit het vir my gelyk asof ek Hom sien soos ek enige ander man sou sien. Hy het niks gesê nie, maar op so 'n manier na my gekyk dat ek gevoel het dat

Hy my afbreek tot by Sy voete. Dit was vir my asof Hy werklik daar voor my gestaan het, en ek het voor Sy voete neergeval en my siel voor Hom uitgestort. Ek het gehuil en soveel bely as wat ek kon met my gesmoorde woorde. Toe ek omdraai om by die vuur te gaan sit, is ek kragtig gedoop met die Heilige Gees. Sonder dat ek enige verwagting vooraf daarvoor gehad het, sonder dat ek ooit 'n gedagte in my kop gehad het dat daar so iets met my sal gebeur; sonder dat ek ooit iemand in die wêreld iets van dié aard hoor sê het, het die Heilige Gees op my neergedaal. Geen woorde kan die wonderlike liefde beskryf wat in my hart uitgestort is nie. Ek het hardop gehuil van blydskap en liefde. Ek het uitgeroep: "Here, ek kan nie méér hanteer nie."

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons prys U Naam vir die getuienis van so baie heiliges wat U teenwoordigheid persoonlik ervaar het. Here, begenadig ons asseblief met persoonlike herlewing. Ons vra dit eerstens vir onsself. Ons vra dit ook vir ons geestelike en politieke leiers. Ons vra dit vir elke persoon in die besigheidswêreld, vir elke man en vrou in ons land, vir elke jongmens en kind. Moenie enigeen van ons verbygaan nie. Jesus Christus, besoek ons met U Gees, maak ons heel en versoen ons met die Vader. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Gebedsfokus op die kerk: *All Africa Council of Churches (AACC)* konferensie 7-12 Desember 2008
Hierdie konferensie sluit vandag af. Bid asseblief dat God in die uitvoering van elke aksieplan verheerlik sal word en dat verhoudings wat gebou is, sal bly staan. Bid vir genade op die terugreis vir die mense wat huis toe gaan en dat alle uitgawes gedek sal word. (*AACC*. P.O. Box 14205, 00800, Nairobi, Kenya. Webruimte: http://www.aacc-ceta.org/ of e-pos: ninthassembly@aacc-ceta.org of japhetn@aacc-ceta.org).

Saterdag 13 Desember 2008
Gebedsfokus op herlewing: Herlewing in Worcester in 1860
Gedurende April 1860 is 'n konferensie oor herlewing in Worcester gehou. Drie honderd en sewentig predikers en leke-predikers het dit bygewoon wat van die herlewing in New York gehoor het. Net 50 dae later het die kerke wat afgevaardigdes gestuur het, 'n beweging van die Heilige Gees ervaar.

Dit het ook in Worcester gebeur, waar dr. Andrew Murray (jr.) en Jan de Vries gewerk het. Gedurende 'n biduur waar 'n 15-jarige slawemeisie gebid en uitgeroep het: "O, hoe lief het ek Jesus nie", het hulle die geluid van donderweer gehoor en die gebou het begin skud. Almal het gelyktydig begin bid. Elkeen het so oorweldig gevoel deur die las van sy sondes dat hulle met 'n onuithoudbare gevoel van skuld, sonde en skaamte aangehou het met vra dat die Here hulle sondes moes vergewe en hulle moes reinig. Die beweging van 1860 het elke deel van die gemeenskap in Worcester aangeraak en baie gou was dit wyd verspreid. Mense van alle rasse het tot bekering gekom, selfs op afgesonderde plase. Bidure is in baie dorpe begin waar mense van alle rasse uitgeroep het dat die Here hulle nie moet verbygaan nie.

Die herlewing het uitgebrei na die Vrystaat, Transvaal en die Kaap. In Calvinia, byvoorbeeld, was daar destyds geen predikant nie en buite-predikante het vir etlike jare tevergeefs probeer om gebedsgroepe tot stand te bring. Binne 'n paar weke het verskeie bidure selfs op afgeleë plase ontstaan, sonder dat die een van die ander geweet het.

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Sal U ons asseblief weer in hierdie generasie oor die hele Suid-Afrika besoek soos in 1860! Ons bid dat mense deur 'n uitstorting van U Heilige Gees van hulle sonde oortuig sal word en 'n dringendheid sal ervaar om dag en nag tot U te roep. Vergewe ons ons sondes, o Here, want ons weet nie wat ons doen nie. Ontferm U asseblief oor ons stukkende, opstandige land. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Sondag 14 Desember 2008

Memoriseer

Dit gaan goed met die mens wat deur God tereggewys word. Jy moet nie die bestraffing van die Almagtige verontagsaam nie. Dit is Hy wat wonde toedien, maar Hy verbind hulle weer, wat seer slaan, maar Hy maak weer met Sy eie hand gesond (**Job. 5:17-18**).

Vrede in die hart: Is ek werklik gered?

U kan nie dink hoeveel mense met hierdie vraag worstel nie! 'n Mens kan vra of iemand wat Jesus aangeneem het en dan twyfel werklik gered is. Die antwoord is natuurlik ja. **Jeremia 17:9** sê dat die hart bedriegliker is as enigiets anders, dit is ongeneeslik. Wie kan dan gered word? Jesus sê dat dit wat vir die mens onmoontlik is, vir God moontlik is (**Luk.18:27**). Daar is geen veroordeling vir dié wat in Christus is nie. So eenvoudig is dit. Daar is nie plek vir "maar's" nie. **Romeine 10:8-9** is baie duidelik hieroor en so behoort elkeen te wees wat in die versoeking kom om te twyfel: "NABY JOU IS DIE WOORD, IN JOU MOND EN IN JOU HART" (dit wil sê, die woord van geloof wat ons verkondig); wanneer jy met jou mond die Here Jesus bely en in jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word (**Rom.10:8-9**). Glo jy in jou hart dat God Jesus uit die dood opgewek het, verstaan jy dat Hy vir jou sonde gesterf het, het jy die verlossing wat Hy vir jou bewerk het, in geloof toegeëien? Is dit 'n werklikheid vir jou? Die Woord sê: *'Aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word'* (**Joh.1:12**). As jy dit aanvaar het, kan jy met sekerheid sê dat jy kind van God is. Bestee vandag tyd saam met die Here en praat met Hom oor hierdie saak as daar twyfel in jou gemoed is. Wees eerlik met jouself en met God, selfs as jy maar net die geringste twyfel het. Ons kan niks vir die Here wegsteek nie. Daarom kan jy net sowel met Hom praat as daar enige twyfel by jou is. As jy seker is dat jy gered is, staan dan spesiale tyd daaraan af om vir diegene te bid wat jy weet onseker is of hulle gered is. Onsekerheid bring vrees. Vrees plaas God op 'n afstand en 'n intieme, persoonlike verhouding word dan moeilik. As jy worstel met die gevoel dat die Here "ver" van jou af is, bid daaroor of Hy werklik vir jou as 'n Persoon bestaan en of jy werklik glo en bereid is om te aanvaar dat Hy vir jou persoonlik omgee. Beskou jy jouself as spesiaal genoeg vir die Here dat Hy jou met Sy goedheid sal omhels? Die feit is: Hy het jou spesiaal gemaak en jy is dit. So eenvoudig is dit.

Here, ek bely dat ek soms worstel met twyfel en wonder of ek U kind is of nie. Vergewe my asseblief daarvoor. Ek plaas my hart vandag voor U en bid in die Naam van Jesus Christus, die Lewende Woord in my, dat U al die twyfel uit my hart sal verwyder. Ek kies vandag om te glo dat Jesus gesterf en weer opgestaan het. Ek glo dat U Woord naby my is, in my mond en in my hart. Ek vertrou U, Here.

Manne in die bres: Enkelouer Vaders

Om skielik 'n enkel vader te wees kan 'n lewensveranderende ervaring wees. Dit vra geweldige aanpassings en 'n menigte vaardighede, maar baie vaders besluit dapper om die taak alleen aan te pak. Met die egskeidingsyfer teen 'n onbestendige 75% volgens *FAMSA (Family and Marriage Association of South Africa)* is enkel pa's tans 'n algemene verskynsel omdat hulle in baie gevalle toesig oor die kinders kry na 'n egskeiding. Egskeiding is natuurlik nie die enigste rede waarom pa's kinders alleen grootmaak nie. Die dood of ernstige siekte van 'n lewensmaat wat maak dat sy nie meer vir haarself kan sorg nie, is nog een van die oorsake. Hoe bid jy as 'n enkel vader vir jouself en vir jou kinders? En hoe kan ons as ouers vir iemand anders in hierdie omstandighede bid? Die volgende is 'n paar praktiese wenke vir vaders wat enkelouers is met eenvoudige Skrifgebede wat daarop volg:

1. Maak die meeste van jou tyd as jou tyd met jou kinders beperk is. Moenie die tyd as vanselfsprekend aanvaar net omdat hulle by jou bly nie. Bid dat God vir jou wysheid sal gee oor hoe om die tyd wat jy wel het, saam met jou kinders deur te bring. Vra Hom om vir jou die klein behoeftetjies te wys wat hulle nie noodwendig uitspreek nie en wysheid hoe om hierdie behoeftes aan te spreek. Vra die Here om vir jou die vermoë te gee om te kan luister en te verstaan wat hulle ongelukkig maak.

EENVOUDIGE GEBED: Uit die hemel laat my U stem hoor, onderrig my in U weë (**Deut.4:36**).

2. Indien nodig, verander jou leefstyl en leer om fyn vooruit te beplan. Jou sakelewe of beroep se beplanning moet met jou kinders en hul skoolvakansies as prioriteit ingerig word. Bid dat God jou guns in jou werksituasie sal gee sodat jy vir jou kinders beskikbaar kan wees. Vra God ook vir wysheid in jou beroep/werk en hoe om dit prakties so te organiseer dat dit voordelig vir jou werk sowel as vir jou kinders sal wees.
   EENVOUDIGE GEBED: Maak my nou U wil bekend sodat ek U kan leer ken en ek genade in U oë kan vind. En beskou ook my kinders as U kinders (**Eks.33:13**).
3. Kinders bewonder hulle ouers. Hulle weet hulle is deel van albei. As die een ouer kwaad is of verbitterd raak teenoor die ander, voel hulle skuldig. Veral na 'n egskeiding sal ouers 'n lewenslange onderhandelingsverhouding moet hê ter wille van die kinders. Bid dat die Here vrede tussen julle as ouers bring. Vra die Here om albei van julle te help om julle verskille by te lê en om in vrede met mekaar saam te leef. Bid sonder ophou oor hierdie uiters noodsaaklike saak, nie soseer vir julleself nie, maar vir julle kinders.
   EENVOUDIGE GEBED: Vader ek bid dat daar vir ons genade en vrede in oorvloed sal wees deur die kennis van God en van Jesus ons Here (**2 Pet.1:2**).
4. Dikwels kan een ouer nie die kinders hanteer nie as gevolg van chroniese depressie of self-vernietigende gewoontes, verslawing, ens. In so 'n geval woon die lewensmaat nog in die huis, maar is glad nie in staat om vir die gesin te sorg nie. Soms is daar geen familie of ander ondersteuning nie en die verantwoordelikheid val terug op die pa. Bid dat die Here vir jou wysheid sal gee om betekenisvol vir jou lewensmaat te sorg, al sou dit beteken om voltydse hulp te kry. Vra Hom om vir jou te wys hoe jy jou verswakte lewensmaat en jou kinders terselfdertyd kan versorg. Bid dat hulle bo alles 'n openbaring van hulle hemelse Vader sal kry wanneer hulle sien hoe jy in die klein dingetjies vir hulle sorg.
   EENVOUDIGE GEBED: Ek bid dat hulle die ewige lewe sal hê en dat hulle U sal ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is (**Joh.17:3**).
5. As jou lewensmaat oorlede is, het jy baie wysheid met jou kinders nodig. Hou aan om vir jouself te bid totdat jy 'n deurbraak beleef en God jou eie hart en jou kinders se harte genees van die verlies wat julle almal gely het. Vra vir genade om die situasie te aanvaar en vir krag vir elke dag wat voorlê. Vra ook vir die Here om jou te beskerm sodat jy nie te vinnig by 'n verhouding met iemand anders betrokke raak net omdat jy eensaam is of 'n behoefte het aan iemand wat jou kan help met die versorging van jou kinders nie.
   EENVOUDIGE GEBED: Beskerm my en red my, laat my nie beskaamd staan nie, want by U skuil ek (**Ps.25:20**).
6. Vir jou as enkelpa is iemand aan wie jy jou kinders kan toevertrou wanneer jy nie naby is nie, 'n groot verantwoordelikheid. Vra vir die Here om vir jou betroubare vroulike mentors vir jou dogters te wys. Miskien is dit hulle ma (as sy nog leef), of die ma van 'n skoolvriendin, 'n tante of iemand van jou kerk of werk. Bid vir 'n deurbraak op hierdie gebied totdat jy persone vind wat jy respekteer en wie se waardes suiwer is. Dit mag dalk die grootste geskenk wees wat jy vir jou kinders kan gee.
   EENVOUDIGE GEBED: Ek bid dat my kinders die liefde wat U vir hulle het sal ken en daarop sal vertrou. U is liefde. Wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom (**1 Joh.4:16**).
7. Dit is nie so belangrik om alles reg te doen as wat dit is om beskikbaar te wees nie. Kommunikeer met jou kinders wanneer julle as gesin saam is maar ook indiwidueel. Beplan 'n bietjie 'alleentyd' met elkeen afsonderlik op 'n weeklikse basis. Dit hoef nie ure op 'n keer te wees nie, maar dit moet ten minste een keer 'n week gebeur. Maak seker dat jy vir hulle vrae vra en eerlike antwoorde kry. Maak seker dat jy jou tydjie saam met hulle afsluit met gebed vir en saam met hulle. So leer jy vir hulle om altyd hulle probleme na hulle hemelse Vader te neem, ook wanneer jy nie beskikbaar is nie. Vra die Here om jou sensitief te maak gedurende hierdie tydjies sodat jy nie haastig sal wees nie en dat hulle sal weet dat jy regtig 'hoor' en dat hulle jou onverdeelde aandag geniet.
   EENVOUDIGE GEBED: Vader, soos Jesus, gee asseblief vir my die wysheid om U weë aan my kinders te verduidelik (**Matt.13:36**).
8. Dit is belangrik dat jy tyd met vriende deurbring wat in jou lewe kan inbou en jou lewe kan verryk. Vra die Here om jou paaie te laat kruis met vriende van jou ouderdom en waar moontlik vriende wat in dieselfde situasie as

jy is wat vir jou ook gebedsmaats kan wees. Indien moontlik; waarom begin jy nie met 'n klein groepie van drie of vier mans wat saam met mekaar kan bid en mekaar op 'n gereelde basis kan bemoedig nie? Wees versigtig dat jy jou nie in jou werk begrawe nie.
EENVOUDIGE GEBED: Vader, gee vir my vriende met wie ek kan saambid, want U het gesê: waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle (**Matt.18:20**).

9. Vra vir die Here om vir jou 'n vaderfiguur te wys na wie jy kan opkyk. Dink daaraan om hierdie persoon te vra om jou mentor of geestelike vader te word. Dit is 'n wonderlike geleentheid om insig en wysheid te ontvang van iemand met meer ervaring. Jetro was so iemand vir Moses in die regering van Israel.
EENVOUDIGE GEBED: Here, ek mag baie leermeesters in Christus hê, maar het behoefte aan 'n ware geestelike vader. Stuur vir my iemand wie se voorbeeld ek kan volg soos hy Christus se voorbeeld volg (**1 Kor.4:15,16**).
10. Wees dankbaar vir dit wat jy het. 'n Mens raak so maklik ontmoedig of depressief as jy sien wat jy ontbeer en wat jy nodig het. Daar is niks wat 'n mens so opbeur as om 'n bietjie spesiale moeite te doen en om jou rond te kyk na dit wat jy wel het en dan te begin om God daarvoor te dank nie. Wanneer jy in jou motor is of van een vergadering na die ander stap, vra God om jou te herinner om Hom te loof.
EENVOUDIGE GEBED: Loof die Here, want Hy is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie! (**Ps.118:1**)

Maandag 15 Desember 2008

Gebedsfokus op redding: Beeldhouers

God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis," het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal. Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie (**2 Kor.4:6-7**). Beeldhouers is kunstenaars in eie reg. Binne die kunstenaarsfeer word kunstenaars gereeld aan kunstenaarsdenke en –invloede blootgestel. Baie van hulle word gekonfronteer met die vraag of God bestaan of met alternatiewe denke en so meer. Bid tot God dat hy Sy Gees op die beeldhouers in ons land sal uitstort. Bid dat hulle 'n openbaring sal beleef van wie God is, en dat hulle kreatiewe maniere sal vind om die openbaring in hulle werk uit te druk. Bid dat alle verdraaiing van die beeld van die Here uitgewis sal word en dat die Waarheid die weg sal baan dat God in die Suid-Afrikaanse beeldhoukuns verheerlik sal word.

Gebedsfokus op herlewing: Eerstens 'n herlewing van gebed

Alle groot herlewings is voorafgegaan deur 'n herlewing van gebed. Ons sien beslis 'n herlewing van gebed oor die afgelope drie dekades. Hierdie keer is dit nie soos in die vorige wêreldwye herlewings met net honderde duisende Christene in slegs 'n paar lande wat bid nie. Letterlik miljoene Christene in feitlik alle lande van die wêreld is besig om vir herlewing te bid. In Indonesië het een van die gebedsnetwerke ongeveer 5 miljoen mense en veelvuldige 24/7 gebedswake.

Indië het talle groot gebedsnetwerke. Jongmense begin om op ongekende wyse 24/7 te bid in meer as 50% van die nasies van die wêreld. Oor die afgelope 10 jaar het gebedskettings en gebedswake gegroei van minder as 'n honderd tot letterlik baie duisende wêreldwyd! Groot getalle mense is aan die bid in die huiskerke van China. Daar is talle wêreldwye gebedsinisiatiewe (soos die *Wêrelddag van Gebed*, *30 Dae van Gebed vir die Moslemwêreld,* gebedsreise in "geslote" lande en so meer) wat miljoene Christene mobiliseer om te bid. Hierdie gebeure is nie die werk van mense nie. Dit is die Gees van God wat in Sy Kerk werk. Dr. James Edwin Orr, wat 'n leeftyd daaraan gewy het om herlewings te bestudeer, sê: "Wanneer God gereed is om nuwe dinge onder Sy mense te doen, sit Hy hulle aan die bid." Ons kan met eerlikheid en afwagting verklaar: Die Kerk het weer begin bid.

SMEEKGEBED vir herlewing: *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Vader, ons eer U vir die genade wat ons in hierdie tye in Suid-Afrika smaak en 'n herlewing van gebed. Vergewe ons as ons in ons harte en gemoed koud word wanneer ons dinge nie so gou sien gebeur as wat ons gehoop het nie en op die manier wat ons wou gehad het nie. Ons roep tot U om U Gees van gebed en smeking uit*

te stort op die mense van Suid-Afrika sodat ons dag en nag voor U troon van genade sal staan, sal dien en sal aanhou totdat daar 'n deurbraak kom en duisende hulle na Christus sal wend. Hier is ek, Here, raak my aan.

Dinsdag 16 Desember 2008

Versoeningsdag

Vandag is versoeningsdag waar daarop gefokus word om die konflikte van die verlede te oorkom en 'n nuwe nasie tot stand te bring. (Webruimte: http://africanhistory.about.com/library/bl/blsaholidays.htm). Laat ons tot die Here roep dat elke Suid-Afrikaner weer met God, ons hemelse Vader, versoen sal raak deur Sy Seun, Jesus Christus. Laat ons soos nooit van tevore nie die Here aanroep vir die redding van miljoene siele; dat Hy hulle in hierdie tyd van die afgrond van die ewige dood sal red deur die openbaring van Sy Seun, Jesus Christus.

Die Algerynse kerk beleef opbloei

Algerië is hoofsaaklik 'n Moslemland, met slegs ongeveer 0,3% van die bevolking wat Christene is. Nieteenstaande die sluiting van 'n aantal kerke en dreigemente teenoor Christenleiers, word berig dat die kerk so vinnig groei dat selfs die sekulêre media daaroor berig. Op sommige plekke staan honderde mense vir meer as 'n uur lank tou om 'n kerkdiens by te woon. Dank die Here dat 70% van dié wat die geloof aanneem, jongmense en kinders is. Bid dat terwyl hierdie jongmense in hulle brose geloof moet groei, hulle liefde vir hulle Moslembroers en -susters ook sal toeneem. Bid dat die regering van Algerië, wat met Moslem-fundamentaliste se gewelddadige bedrywighede te kampe het, self daartoe sal meewerk om vryheid vir al sy burgers en beskerming van die Christelike minderheid te verseker. (*Children at Risk* Prayer News. Webruimtes: http://www.viva.org/, http://www.facesofchildren.net/ of e-pos: pray@viva.org, info@facesofchildren.net).

Woensdag 17 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Herlewing in Hawaii 1835

In die jaar 1835 het Titus Coan aan die kus van Hawaii geland. Menigtes het gestroom om na hom te luister. Hulle het so op hom toegesak dat hy bykans nie tyd gehad het om te eet nie. Hy het duidelik ervaar dat die Here op 'n wonderbare en Goddelike manier besig was om te werk.

In 1837 het die smeulende vure opgevlam en feitlik die hele bevolking het die gemeente geword. Coan het vir tot 15 000 mense op 'n slag gepreek. Omdat hy nie in staat was om almal te bereik nie, het mense na hom gekom en 'n twee jaar lange kampeer-byeenkoms het begin. Daar was nie 'n uur van die nag of dag dat daar nie 'n gehoor van 2 000 tot 6 000 bymekaargekom het wanneer die klok gelui het nie. Daar was 'n gehuil, 'n geween en luide uitroepe om genade, soms so hard dat die prediker nie gehoor kon word nie; in honderde gevalle het luisteraars in 'n beswyming neergeval. Party het uitgeskreeu: "Die tweesnydende swaard sny my in stukke." 'n Goddelose spotter wat gekom het om die gek te skeer, het soos 'n hond neergeslaan en geskree: "Die Here het my neergeslaan!" Eenkeer toe Coan op 'n oop stuk veld gepreek het, het 'n man uitgeroep: "Wat moet ek doen om gered te word?" Hy het die tollenaar se gebed begin bid en die hele gemeente het saam ingeval en gesmeek om genade. Vir 'n halfuur lank kon mnr. Coan nie 'n woord gesê kry nie, maar moes hy bloot stilstaan en toekyk hoe die Here werk.

Rusies is opgelos, diewe het gesteelde goed teruggebring, dronkaards is verlos, egbrekers is bekeer en moordenaars is uitgewys en vergewe. Daar is afstand gedoen van lewenslange sondes. In een jaar het 5 244 mense by die kerk aangesluit. Op een Sondag is daar 1 705 gedoop, en 2 400 het by die Nagmaalstafel aangesit, almal voorheen sondaars van die ergste graad, maar nou heiliges van die Here. Teen die tyd dat mnr. Coan vertrek het, het hy persoonlik 11 960 mense tot bekering gelei en gedoop. *(The Passion for Souls*, Oswald J. Smith, bll. 11-12).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing:** *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons is desperaat om U in ons land te sien werk. Ons kom in klein groepe bymekaar en hoor baie*

getuienisse, maar vandag roep ons uit tot U vir 'n magtige uitstorting van U Gees sodat mense van alle denominasies en kulture, duisende op 'n slag, na U Koninkryk sal kom. Ons bid dat U baie nederige mense, mans en vroue, sal opwek wat in staat sal wees om raad en leiding aan hierdie nuwe Gelowiges te gee en hulle U dissipels te maak. Hier is ek, Here, raak my aan.

Donderdag 18 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Duisternis voor herlewing

Engeland was in 1776 in so 'n skokkende toestand dat sommige historici beweer dat mense meer barbaars as ooit sedert die begin van die wêreld af was. Mans het hulle vrouens op die veevendusies verkoop. Immoraliteit was so aan die orde van die dag dat die meerderheid geboortes in die geboorteregisters buite-egtelik was. Dronkenskap was so algemeen dat selfs vyfjariges dronk op straat in die afleivore gelê het. Publieke kroeë het geadverteer: Gewaarborg: Dronk vir 'n pennie, papdronk vir 2 pennies. Vulgêre vertonings was aan die orde van die dag. Seksvertonings met immorele aanbiedings is daagliks openlik op straat aangebied. Die hoër klasse het min morele waardes gehad, van die koningshuis af tot by die Hoërhuis en Laerhuis; baie van hierdie manne het minnaresse gehad en openlik kinders by hulle gehad. Dobbelary was algemeen onder ryk en arm. Vroue het sulke skraps klere gedra dat een historikus opgemerk het: "Sy was so kaal soos 'n Griekse seksgodin." Dit was by 'n dans waar die koning, wat die openlike minagting vir konvensies deur die openbare tentoonstelling van vroue se liggame geniet het, teenwoordig was. Die land was verlam as gevolg van 'n ekonomiese depressie; tienduisende was werkloos. Kerkbyeenkomste is soms ontwrig met 'n gevloek, godslastering en gespoeg; kolleges is afgebrand en dit het gelyk of daar geen hoop vir die samelewing was nie. Mense is vir die geringste oortredings opgehang, byvoorbeeld as iemand oor die muur van 'n edelman sou spoeg, maar vir werklike gruwels was daar geen straf nie. Kinders so jonk as agt jaar oud is gehang.

Toe het God ingegryp. Vir meer as 30 jaar het John Wesley en George Witfield vir die massas gepreek. Meteens het die hele Brittanje verander. Honderdduisende is gered. Die nasie het begin vooruitgaan, slawerny is afgeskaf en mense het begin om ordentlike lewens te lei. *(Breath of Heaven*, Ken Terhoven, bll. 46-48).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing:** *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons bely dat ons nasie nie ver van die toestand af is waar Engeland in 1776 was nie. Here, ons bid dat U ons in hierdie generasie sal begenadig met 'n gees van oortuiging van sonde. Stort 'n goddelike begrip van die heiligheid van U Naam uit, selfs op Christene wat U laster en U Naam onteer. Ons bid dat ALLE misdadigers doeltreffend vir hulle oortredings gestraf sal word en dat alle pogings om hulle skuld te verdoesel, sal misluk. Herstel heiligheid, reg en geregtigheid as die fondament van U troon in ons land* (**Ps.89:15**). *Hier is ek, Here, raak my aan.*

Vrydag 19 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Jongmense se gebede in die Walliese herlewing van 1904

Een aand in die lente van 1903 is vier jong mans van 18 jaar oud op die berg gevind, besig om te bid. Dit het bekend geword dat hulle dit die afgelope aantal maande elke aand gedoen het. Hulle enigste doel was om vir herlewing te bid. Die persoon wat op hulle afgekom het, het heelhartig by hulle aangesluit. Toe die nuus bekend word, is die hele gemeente aangegryp deur die gedagte dat haar kritiese toestand so intens aangevoel is deur mense wat nog so jonk is. Gevolglik het ander by hulle aangesluit en soos wat die getalle gegroei het, het hulle ywer ook toegeneem. Spoedig het die vlam ook die gemeente bereik. Almal is meegesleur met 'n visie van herlewing en 'n passie vir siele; binne 'n kort tyd was die hele gemeenskap begeester met die goddelike vuur en elke kerk in die stad het met herlewingsbidure begin. Op Sondae is daar tot soveel as ses byeenkomste net in een gemeente gehou met elke Sondag tot dertig siele wat die Here aangeneem het. Dit was 'n tyd van onuitspreeklike blydskap; vir ses maande is elke aand volhard in gebed, met soveel blydskap en verwagting dat almal oorweldig is deur die vloei van herlewing wat oor die hele Wallis gestroom het. (*Rent Heavens*, R.B. Jones, bll. 51-52).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Here, ons roep tot U oor die ontaarding van ons jongmense. Besoek hulle asseblief met 'n uitstorting van U Heilige Gees om vir hulle die lewe in Christus op 'n nuwe en vars manier te wys. Ons bid tot U dat die herlewing van die jonger generasie en kinders die volwassenes sal aanspoor om alle kleinlike geskille te laat vaar en hulle radikaal tot die Here te bekeer. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Saterdag 20 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Die herlewing van Wallis in 1904

Dit was 1904. Die hele Wallis was aan die brand. Die nasie het ver van God af weggedryf. Die geestelike toestand was inderdaad haglik. Kerkbywoning was swak en sonde het op alle terreine hoogty gevier. Skielik, soos 'n onverwagte tornado, het die Heilige Gees van God oor die land neergedaal. Die kerke was so vol dat baie nie kon inkom nie. Byeenkomste het van tienuur in die oggend tot twaalfuur in die nag geduur. Drie spesifieke dienste het elke dag plaasgevind. In sommige dienste is daar min gepreek. Sang, getuienisse en gebed was die hoofkenmerke. Daar was geen liedereboeke nie; hulle het die liedere geleer toe hulle kinders was. Geen kore nie, want almal het gesing. Geen kollektes is ingesamel nie en geen reklame is vir die dienste gemaak nie. Dit alles het egter gebeur omdat die Kerk in Wallis vir meer as 7 jaar met toenemende intensiteit vir herlewing gebid het.

Niks het ooit tevore met dieselfde verreikende gevolge oor Wallis gekom nie. Ongelowiges het begin glo, dronkaards, diewe en dobbelaars is gered; en duisende mense het respektabel begin leef. Gesinne is herstel. Getuienisse van skrikwekkende sondes is uit alle oorde gelewer. Ou skulde is vereffen. Die teaters moes toemaak, want dit het nie aftrek gekry nie. Kroeë het toegemaak. Tronkdeure het oopgestaan. Muile in die steenkoolmyne het geweier om te werk omdat hulle nie gewoond was aan goedhartigheid nie. In ses maande se tyd het 100 000 mense lidmate van die kerke geword. Die nasie het begin vooruitgaan. Armoede is 'n groot slag toegedien. (*The Passion for Souls*, Oswald J. Smith, bl. 11).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Here, ons roep U in wanhoop en desperaatheid aan oor die toestand van ons nasie. Ons tronke is oorvol, geen ruimte is meer beskikbaar nie! Ons vra U om asseblief die gety om te keer. Verwyder die skande wat op die kerk as apatiese toeskouer rus. Stroop ons as Gelowiges van al ons skyngodsdienstige praktyke en gewoontes, leer ons Goddelike dissipline, ordelikheid en hoe om in moeilike omstandighede te oorwin. Help ons om op te hou om deurentyd U en ander te beskuldig en ook om vir onsself jammer te voel. Herstel U Kerk sodat sy 'n getuie vir Christus sal wees, die begeerte van die nasies en die lig vir die wêreld* (**Joh.9:5; Op.1:1-2**). *Hier is ek, Here, raak my aan.*

Sondag 21 Desember 2008

Memoriseer
Elke belofte van God is betroubaar; Hy beskerm dié wat by Hom skuil (**Spr.30:5**)**.**

Vrede in die hart: Moenie moed verloor nie

Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word (**Luk.18:1**). Hoe dikwels gebeur dit nie dat Gelowiges wat 'n intieme verhouding met Christus het, deur probleme oorweldig word nie. Dit is natuurlik om oorweldig te voel, swak te word of moed op te gee. Die belangrike waarheid hiervan is nie of dit reg of verkeerd is om moed te verloor nie, maar dat dit vir die Here belangrik is om ons onder alle omstandighede te bemoedig en te ondersteun. Daar word dikwels vertel dat die Here 'n engel na Paulus gestuur het om hom te ondersteun. (Kyk **Hand.18:10, 2 Kor.1:3-4, 2 Kor.7:4,14**). Hy wil jóú hart ook vertroos. Hoe verkry ons Sy vertroosting? Jy moet eenvoudig net op jou eie tyd met die Here deurbring (**Job 10:20**). Vra Hom om jou hart te versterk en wag dan totdat Hy dit doen. Dit is nie iets wat jy kan doen of kan laat gebeur nie. Maar deur sy Heilige Gees verrig God hierdie misterieuse werk in ons harte, om ons

te versterk, ons nuwe krag te gee en ons te bemoedig. Om gereeld tyd af staan aan eenvoudige gebed sodat God se troos oor jou liggaam, siel en gees kan spoel, is van die kosbaarste tye van 'n mens se verhouding met die Drie-enige God. Die troos van die Heilige Gees bring verligting van pyn. Die Webster-woordeboek verklaar die woord 'troos' as: verligting van die nood in die gemoed; die gerustheid en kalmte wat ervaar word wanneer pyn, moeilikhede, ontsteltenis of droefheid bedaar.

Here Jesus Christus, en God ons Vader, wat my liefhet en my ewigdurende vertroosting en goeie hoop uit genade gee, bemoedig my en bevestig my in elke goeie woord en daad. (**2 Tess.2:16-17**). *Versterk my as ek moed verloor. Ek plaas my hoop en vertroue op U alleen.*

Gebedsfokus op persone wat invloedryke posisies in SA het

Ons het in ons vorige uitgawe van die *Jerigo Mure Gebedsgids* begin om vir invloedryke persone te bid. Omdat ons besef watter invloed hierdie mense op ander het, het ons besluit om in hierdie uitgawe op sulke mense in Suid-Afrika te fokus. Daar is baie meer mense in invloedryke posisies as die wat ons hierin noem. Ons het 'n Bybelse opdrag om te bid vir diegene in die regering en in outoriteitsposisies, daarom gee ons hierdie gebedsriglyne deur. Ons gebed is meer gefokus op die posisie en invloedsfeer wat hierdie mense het, as op die persoon self. Wees asseblief vry om soos die Here jou lei ander op jou lys te sit en herinner jouself en ander gelowiges gereeld daaraan om vir die leiers van die dag te bid.

1. **Geestelike invloed**: **Retha McPherson**: **Mev Suid-Afrika 2004:** Op Saterdag, 19 Junie 2004, was mev Suid-Afrika, Retha McPherson, haar man en hulle twee kinders in 'n ernstige motorongeluk. (Webruimte: http://www.rethamcpherson.co.za/aldo.htm). Hulle seun, Aldo, het ernstige beserings opgedoen. God het vir Aldo 'n besoek aan die hemel gegee en die hele Bybel as't ware in hom 'afgelaai', sodat hy dit kan aanhaal soos hy dit nodig kry. Hy het mense buite hoor klop wat probeer het om in te kom. Hulle het gehuil want die deur was toe. Jesus het vir Aldo gesê die fees is vir Sy bruid, maar baie is nie gereed nie. Retha verkondig nou die evangelie in baie plekke in Suid-Afrika en oorsee. *Here, ek prys U dat U hulle roudans in 'n vreugdedans verander het* (**Ps.30:12**). *Dankie dat U alles gemaak het vir 'n bepaalde tyd (***Pred.3:11**). *Ons bid vir hulle en vir ander met getuienisse van U goedheid, vir guns om die evangelie vrylik te verkondig en baie te lei om Christus as Verlosser aan te neem.*

2. **Kulturele, sosiale en kunsinvloed**: **Zola:** Zola was suksesvol as 'n Kwaito superster en is waarskynlik die gewildste Kwaito kunstenaar in die land. Sommige verwys na hom as die "tweede grootste handelsmerk vir die land naas Nelson Mandela." Hy het vier Suid-Afrikaanse musiektoekennings ontvang, een daarvan die *Artist of the Year - 2002*. **Yvonne Chaka Chaka:** Van popster in die 1980's tot geselsprogramaanbiedster is Yvonne Chaka Chaka die vermaaklikheidsikoon van Suid-Afrika en Afrika. Sy het haar diskovoorkoms afgeskud, haarself herstileer in Afrika tooisel en is herdoop tot "Prinses van Afrika". Gedurende die 1980's het sy albums verkoop in bykans elke land Suid van die Sahara. Sy het al voor 'n menigte Afrika staatshoofde opgetree en is betrokke by verskeie fondsinsamelings en liefdadigheidsorganisasies asook MIV werk. In 2006 is sy aangestel as *UNICEF (United Nations Children's Fund*) se spreekbuis teen Malaria: *UNICEF Regional Spokesperson for Malaria*. (Webruimte: www.princessofafrica.co.za). *Here ons bring alle kunstenaars soos hierdie voor U troon van genade* (**Heb.4:16**). *Ons bid dat elkeen U sal leer ken en sal groei in 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus. Gee aan hierdie mense baie geleenthede om aan ander goed te doen en te getuig van wie U is teenoor die menigte wat hulle volg.*

3. **Leierskapsinvloed**: **Kgalema Motlanthe** is 25 September 2008 as Suid-Afrika se nuwe staatshoof ingehuldig. Motlanthe is die eerste Suid-Afrikaanse president wat in 'n stemming deur die parlement verkies is. Kgalema Mothlanthe is op 19 Julie 1949 in die Johannesburgse township Alexandra as lid van 'n werkersklasgesin gebore. Hy is in 1997 onbestrede tot sekretaris-generaal van die ANC verkies, en in 2000 herkies. Hy is in Desember 2007 tot onderleier van die ANC verkies en in Julie 2008 is hy as die minister in

die presidensie aangestel. (Die Burger 25/09/08). *Here, ons bring die huidige President voor U troon van genade* (**Heb.4:16**). *Sal U aan hom U wil en doel vir Suid-Afrika openbaar. Openbaar ook Uself aan hom as 'n rots waarheen hy kan vlug, 'n bergvesting van redding. Ter wille van U Naam gaan voor hom uit en lei hom* (**Ps.31:3-4**).

4. **Politieke invloed: Helen Zille:** Helen Zille is in Suid-Afrika gebore en kan Xhosa en Duits vlot praat. Sy is aangewys as die wêreld se beste burgemeester in 2008. In April 2008 is sy gevra om, weens haar ondervinding as burgemeester van Kaapstad, die *Verenigde Nasies* in New York toe te spreek oor bevolking en ontwikkeling. Al word sy baie gekritiseer, toon sy sterk leierskap in haar huidige posisie as eerste vroueleier van 'n politieke party, die *Democratic Alliance,* sedert Mei 2007. **Patricia de Lille:** Mev. Patricia de Lille is in 1951 in Beaufort Wes gebore. Sy is op die oomblik leier van die *Independent Democrats,* wat in 2003 gestig is toe sy weggebreek het van die *Pan Africanist Congress (PAC)*. Sy is in 2004 tot die parlement verkies. Sy was 22ste op die lys van die SAUK se *Top 100 Great South Africans* in 2004. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Patricia_de_Lille). *Here, ons bring alle politieke leiers voor U troon van genade* (**Heb.4:16**). *Maak U werke aan hulle duidelik. Laat hulle die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werk van hulle hande in stand sodat U Naam verheerlik kan word* (**Ps.90:16-17**).

5. **Media-invloed: Mev. Noeleen Maholwana-Sangqu:** Mev. Noeleen Maholwana-Sangqu is gebore in Umtata. Noeleen is 'n opgeleide joernalis en het 'n paar jaar lank beriggewing by beide die Radio en die TV vir *Radio Transkei* en *Radio 702* gedoen. In 2002 het Noeleen die *Population Institute's Global Award for Radio Programme Excellence* in Kuba ontvang. Sy is gekies as een van die *TIME Magazine se "Top 100 people of 2004".* In 2004 en 2005 wen Noeleen die *Crystal Award for Best Talk Show Host* vir 3 Talk. (Webruimte: http://www.tvsa.co.za/actorprofile.asp?actorID=40). Sy staan tans bekend as "Queen of Talk" in Suid-Afrika. *Here, ons bring almal voor U wat 'n invloed het op die verstand en denke van mense in Suid-Afrika deur die media* (**Heb.4:16**). *Vader van heerlikheid, ons bid dat U aan hulle U gees van wysheid sal gee en Christus so aan hulle sal openbaar dat hulle Hom werklik sal ken. Verhelder hulle geestesoë sodat hulle kan weet watter hoop hulle roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het* (**Ef.1:17-18**).

6. **Sportinvloed: Natalie du Toit:** Natalie du Toit is 'n Suid-Afrikaanse swemster, gebore in 1984. Sy is bekend vir die goue medaljes wat sy gewen het in 2004 en 2008 by die *Paralimpiese Spele*. Sy het 5 goue medaljes gedurende die 2008 *Paralimpiese Spele* gewen. Natalie is die mees suksesvolle *Paralimpiese* deelnemer ooit tot en met 2008. Sy is die trotse wenner van 10 goue medaljes by die *Paralimpiese Spele.* Natalie is in Kaapstad gebore en het sedert haar 14de jaar internasionaal meegeding in swem. In Februarie 2001 is haar linkerbeen by die knie afgesit na 'n ongeluk met haar bromponie oppad terug van skool na 'n swemoefening. Drie maande later, nog voordat sy kon loop, was sy terug in die swembad om te oefen vir die *2002 Statebondspele.* Natalie swem sonder die hulp van 'n kunsbeen. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Natalie_du_toit*). Here, ons dank U vir U groot genade wat U oor mense in nood uitstort. Dankie vir die getuienis van mense soos die wat ander aanmoedig om te glo dat U 'n realiteit is. Niemand wat sy verwagting in U stel, sal beskaam word nie. Maak U wil aan veral sportmanne en –vroue bekend, leer hulle U paaie; lei hulle in U waarheid as hulle God en redder. Laat hulle verwagting van U wees. Here, laat hulle aan U liefde en trou dink, wat U van altyd af betoon het* (**Ps.25:3-6**).

7. **Finansiële invloed: Trevor Manuel:** Mnr Trevor Manuel is in 1956 in Kaapstad gebore. Hy het die *Global Leader for Tomorrow Award* in 1994 ontvang en is tans *Minister van Finansies.* Suid-Afrika het in 2007 vir die eerste keer 'n surplus in begroting gerapporteer. Manuel het besteding vir opvoeding, behuising en sanitasie vermeerder. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Trevor_Manuel). **Tito Mbweni:** Mnr. Tito Mbweni is in 1959 gebore en dien as *Hoof van die Reserwebank* sedert 1998. Hy het die *Global Leader for Tomorrow Award* in 1995 ontvang. Toe hy tot die Suid-Afikaanse Reserwebank toegetree het, eers as Raadgewer vir die

Goewerneur in 1998, het hy uit al sy posisies by die ANC bedank. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Tito_Mboweni). *Here, ons dank U dat U baie gebede rakende ons ekonomie gedurende die afgelope 15 jaar verhoor het. Ons bring hierdie mans en ander rolspelers in die finansiële sfeer voor U genadetroon* (**Heb.4:12**). *Ons bid vir almal in die regering, dat hulle nie slagoffers van hebsug sal word nie, want geldgierigheid is die wortel van allerlei kwaad, baie het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal. Ons bid dat U hulle sal vrymaak en sal help om van hierdie dinge af weg te vlug en te streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding en minsaamheid. Help hulle om hierdie areas van hulle lewens aan Christus oor te gee* (**1 Tim.6:10-12**).

8. **Regsinvloed: Mnr Justice Pius Nkonzo Langa** (gebore in 1939) is die huidige *Hoofregter van die Grondwethof van Suid-Afrika.* Die Hoofregter van Suid-Afrika is die persoon wat finale gesag uitoefen oor die funksionering en administrering van alle howe. Die *Hoofregter* is nou die leier van die *Grondwethof.* Hy is in 1994 deur Mandela aangestel in die regbank en is promoveer tot *Hoofregter* deur Thabo Mbeki in 2005. (Webruimte: http://en.wikipedia.org/wiki/Pius_Langa). *Here, ons bring hierdie mans en alle ander invloedrykes in die regstelsel voor U troon van genade* (**Heb.4:12**). *Versterk hulle om U troon op geregtigheid en reg te bou* (**Ps.89:15**). *Stort oor elkeen wat U nie ken nie die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan om oor hulle harte en sinne die wag te hou in Christus Jesus in alles wat hulle doen* (**Fil.4:7**). *Help hulle om reg en geregtigheid te laat geskied aan almal wat verdruk word* (**Ps.103:6**), *want die Here verkies dat ons doen wat regverdig en reg is eerder as dat ons offers bring* (**Spr.21:3**).

Maandag 22 Desember 2008

Gebedsfokus op redding: Straatkinders

God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (**Joh.3:16**). Daar is duisende kinders in Suid-Afrika wat op straat leef. Feitlik almal bedel gedurende die dag op straathoeke. Baie word deur volwassenes gebruik om te bedel en dan word die geld by hulle afgeneem. Talle van hulle is weeskinders van MIV/VIGS-slagoffers, ander is bloot deur hulle ouers weggegooi. Baie is aan dwelms en alkohol verslaaf. Almal is in 'n daaglikse stryd om oorlewing gewikkel om die volgende stukkie kos in die hande te kry. Bid vir meer uitreikprogramme om die kinders van die strate af te kry. Bid dat hulle geleenthede sal kry om geklee en versorg te word en dat hulle ook skoolopleiding sal ontvang. Bid dat hulle sulke geleenthede sal aangryp en gewillig sal wees om hulle lewenstyl te verander en hulle lewens aan Jesus Christus te wy.

Gebedsfokus op herlewing: Die Jamaikaanse herlewing van 1869

Die Jamaikaanse kerke het gehoor van die herlewing in New York van 1857-1859 en het vir 'n soortgelyke uitstorting van die Heilige Gees in Jamaika begin bid. Soos wat die mense gebid het, het die verwagting van 'n naderende herlewing toegeneem. Teen 1869 het die meeste Christene geglo dat die Here teen die einde van die jaar vir hulle 'n herlewing sou stuur, maar niemand kon die intensiteit van die oorvloedige seëninge wat hulle te beurt sou val, voorsien nie. Die herlewing het drankwinkels en dobbelhuise toegemaak, huwelike wat vir jare opgebreek was, herstel; wegloopkinders na hulle ouers teruggebring, elke plek van aanbidding laat oorstroom van mense, die toewyding van leraars verskerp, die kerke gesuiwer en baie sondaars hulle sondes laat bely. Die nasie van onlangs vrygestelde slawe het hulle ware vryheid in Christus gevind, en die meeste het gekies om nie terug te gaan na die slawerny waarvan Christus hulle vrygemaak het nie. Dit het ook die woede van die goddelose mense aangewakker wat hulle nie voor die Here verootmoedig het nie.

SMEEKGEBED vir herlewing*: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. O, hoe maklik vergeet ons die ontmoetings wat ons met U meegemaak het. Soos Salomo keer ons telkens terug na ons ou lewens! Betoon ons asseblief genade en besoek ons land. Verlos ons van ons powere pogings, tirades en pretensies wat ons gebruik om onsself en ander te oorreed om te doen wat reg is. Raak deur*

U Heilige Gees die lewens van so baie mense op so baie plekke aan, dat die gety daadwerklik omgekeer sal word. Stel 'n blywende heilige ywer om heilig te leef in elke hart en verstand en siel vry wat kragtig in die hele Suid-Afrika sal uitbrei. Hier is ek, Here, raak my aan.

Dinsdag 23 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Die rol van gebed in herlewing

Herlewing gebeur nooit sommerso nie. Daar is altyd 'n tyd van voorbereiding wat dit voorafgaan, en dié voorbereiding sluit altyd gebed in. Met die kragtige uitstorting in Ulster, Ierland, in 1859 was daar 'n bestendige toename in gebed in die maande voor die herlewing gekom het. Gebedsgroepe het oral ontstaan, baie van hulle onder die jongmense. Toe die herlewing begin het, was daar 104 gebedsgroepe in Ulster wat vir herlewing gebid het.

R.A. Torrey het in 1905 vir 'n reeks byeenkomste na Australië gegaan. Toe hy in Sydney aankom, was daar reeds 2 100 selgroepe wat vir die byeenkomste gebid het. Daardie byeenkomste het die atmosfeer van herlewing gedra en daar was 'n uitsonderlike oes.

Voor die wêreldwye herlewing wat in 1904 in Wallis begin het, was daar 'n periode van 7-8 jaar waarin die stukrag van gebed in dosyne lande oor die hele wêreld begin toeneem het. In Wallis self het Jessie Penn-Lewis berig dat daar sedert 1897 skielik 'n toename in gebed was, 'n honger vir herlewing, 'n diep bekommernis oor die toestand van die Kerk.

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing:** *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Wek U kinders op om U oral te begin aanroep, in klein groepe, in die kerke, in skole, in stadions. Ons is desperaat vir U saligmaking, verlossing en genesing. Stort U Gees van gebed en smeking uit oor ons land* (**Ef. 6:18**). *Hier is ek, Here, raak my aan.*

Gebedsfokus op sending: SA sendelinge oorsee

Duisende Suid-Afrikaanse sendelinge werk oorsee, heel dikwels in "geslote" lande, veral in die lande waar mense nie in hierdie Kerstyd met hulle gesinne herenig kan wees nie. Dra hulle in gebed aan God op, bid vir Sy guns en seën op hulle werk, gesinne, huwelike en verhoudings met ander Gelowiges. Bid vir 'n verhoging in hulle finansiële ondersteuning, om ook 'n lekker plek te hê waar hulle kan rus en ontspan en die Here se teenwoordigheid in hulle verhouding met Hom kan beleef. Bid dat die Here hulle in hulle visie en werk sal bekragtig en duidelik tot hulle sal spreek oor hulle doel in daardie lande.

Woensdag 24 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Die krag van God in die vroeë Kerk

Neem tyd om die boek Handelinge hierdie week te lees. Toe die Heilige Gees uitgestort is, het die Koninkryk van God letterlik deurgebreek in die volk Israel. En toe Petrus op Pinksterdag gepreek het en 3 000 mense op daardie eerste oproep geantwoord het, was daar 'n duidelike resultaat **(Hand.2:41**). Die Woord van die Here het sy krag getoon en verder versprei **(Hand.19:20**). Die gemeentes se geloof is versterk en hulle het by die dag groter geword (**Hand.16:5**). Die getal gelowiges (mans en vroue) in die Here het elke dag toegeneem, sodat hulle hulle siekes op die straat uitgedra en hulle op beddens en draagbare neergelê het (**Hand.5:14-15**). Die Here se boodskap het verder versprei. Die gelowiges in Jerusalem het in groot getalle toegeneem en baie van die Joodse priesters is ook bekeer (**Hand.6:7**). Die apostels in Jerusalem het verneem dat die mense in Samaria die boodskap van die Here aangeneem het (**Hand.8:14**). Baie van dié wat die Woord gehoor het, het geglo en hulle tot die Here bekeer (**Hand.11:21**). 'n Groot menigte het geglo (**Hand.11:24**). Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword (**Hand.13:48**). 'n Groot aantal godvresende Grieke en 'n aansienlike getal vooraanstaande vroue het ook nog bygekom (**Hand.17:4**). Baie het geglo (**Hand.17:12**). En Paulus het vertel wat God deur sy diens onder die heidene gedoen het (**Hand.21:19**).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons roep tot U vir 'n hernude uitstorting van U Gees en 'n roering in die harte van U kinders om te vertrou en te glo dat U die onmoontlike in Suid-Afrika kan doen. Herbevestig U sterkte en krag in die Kerk om U Naam te verheerlik in die prediking van die evangelie, deur genesing van siekes en deur duisende uit die duisternis uit te lei na U wonderbare lig* (**1 Pet.2:9**). *Hier is ek, Here, raak my aan.*

Donderdag 25 Desember 2008

Die Woord het vlees geword

Vandag vier Christene in die Westerse wêreld Kersfees. Laat ons die plan en doel van God die Vader deur Sy Seun verkondig aan elke stam, taal, nasie en volk. Die viering van Kersfees herinner ons daaraan dat die Seun van God ook die Seun van die mens geword het en die Koninkryk van God na die aarde gebring het om te regeer en te heers soos in die hemel.

Hemelse Vader, ons dank U dat U die wêreld so liefgehad het dat U U enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar tot in ewigheid sal lewe. Jesus Christus, ons dank U, ons nederige Koning, wat in gehoorsaamheid aan U hemelse Vader uit die hemel neergedaal en 'n mens geword het. Dankie dat U nie U lewe so liefgehad het dat U onwillig was om dit af te lê sodat ons die ewige lewe kan hê nie. Ons sluit aan by die hemelse skare wat uitroep: Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang (**Op.5:12**). *Aan Jesus Christus al die eer, in die hemel en op die aarde. Amen.*

Vrydag 26 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Herlewing in Villiersdorp in 1905

Op die aand van 23 Julie 1905 was daar ongeveer 130 mense by 'n gemeentebyeenkoms toe oortuiging van sonde die hele gemeente aangegryp het. Die Heilige Gees het kragtig begin werk. Skielik was mense bekommerd oor hulle sondes. Dit is opgevolg deur 'n diep gebrokenheid, trane en geroep tot God om genade. Elke aand het die mense vir tot drie ure bymekaar gekom. Die getalle het vermeerder en aangegroei van 350 tot 500. Dikwels kon gehoor word hoe baie mense gelyktydig bid. Die hele dorp het daarvan gepraat. Meer as 'n honderd inwoners het tot bekering gekom, insluitend sommige van die gehardste en mees roekelose sondaars in die distrik.

Die Christene is verander in vreeslose getuies wat onverskrokke getuienis gelewer het en vriende aangemoedig het om te reageer en het by openbare byeenkomste by name vir hulle gebid. Een van die mans het 'n pioniersendeling in Nigerië geword. Drie maande na die herlewing het die predikant sy kollegas om hulp gevra, want die herlewing was besig om te versprei. Hierdie beweging van die Gees het 30 ander Nederduits Gereformeerde gemeentes beïnvloed, hoofsaaklik in die Kaap Provinsie, die Wes-Kaap, die Boland en die Oostelike Provinsie.

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Bring asseblief weer 'n bewustheid van ons sondes en 'n honger en dors na geregtigheid in ons harte en gedagtes. Doop ons met 'n groot gebrokenheid, trane en versoening met mekaar en ook met U. Raak asseblief weer hele dorpe en gesinne aan, trek almal uit die duisternis na U wonderbare lig. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Saterdag 27 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Die diep rivier van herlewing in Oos-Afrika

Die herlewing in Oos-Afrika (veral Rwanda, Tanzanië en Uganda) het gekom soos 'n diep rivier wat sag gevloei het maar met groot krag en het vir bykans 50 jaar aangehou. Dit het in ongeveer 1927 in Rwanda begin en vanaf 1935 tot in Uganda uitgebrei. Spanne is saamgestel wat deur Uganda gegaan het en die volgende vrae aan ALLE

kerklidmate gevra het: 1. Ken jy die saligmaking deur die kruis van Christus? 2. Groei jy in die krag van die Heilige Gees deur gebed, meditering en kennis van God? 3. Het jy 'n groot begeerte om die Koninkryk van God te versprei deur jou voorbeeld en deur te preek en te onderrig? 4. Bring jy ander mense na Christus deur hulle indiwidueel op te soek en in die openbaar getuienis te lewer? Baie het die Here ontmoet en begin om ander aan te moedig om gered te word. Hulle is die "Gereddes" genoem, was dapper getuies en onwrikbaar wanneer hulle met sonde te doen gekry het. Groepe het byeengekom met die oog op gelowige gemeenskap en het saam besluit om die nuus te versprei van gebrokenheid van gees, nederigheid, 'n heilige lewenswandel en om die Heilige Gees toe te laat om hulle lewens te beheers.

Die gevolg was 'n oplewing van sonde-oortuiging oor die hele land en ook oor die grense heen. Die kerke het volgeloop, en persoonlike evangelisasie het so natuurlik geword soos om asem te haal. Die kerk in Oos-Afrika het begin lewe in die krag van die Heilige Gees, bo-oor die grense van taal, gewoontes, denominasies, kultuur en ras. Hierdie "Gereddes" sou in die straat af loop en wanneer hulle iemand teëkom, sou hulle vra: "Hoe gaan dit met jou siel?", "Is jy seker jy is weergebore?", "Wandel jy in die lig?", "Het jy vanmôre 'n stiltetyd gehad?" Dwarsdeur die bloedbad van die Mau-Mau en Simba-opstande, die terreur van Idi Amin en Milton Obutu, het die Kerk in Oos-Afrika standvastig gebly en het die herlewing verder versprei. (*Breath of Heaven*, Ken Terhoven, bll. 77-78).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons bid ernstig dat U Heilige Gees weer eens die harte en gedagtes van mense sal aanraak soos in 1927. Wek die gees om te evangeliseer in ons harte op en gee ons guns om die evangelie onbevange te versprei, om dapper getuies te wees, om ontoegeeflik te wees as ons oor sonde praat. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Sondag 28 Desember 2008

Memoriseer
Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Jesus Christus van julle verwag (**1 Tess.5:16-18**).

Vrede in die hart: As probleme jou oorweldig
Toe ons in Masedonië gekom het, het ons geen rus of duurte gehad nie. Van alle kante was daar druk op ons: van buite onenigheid, van binne sorge. Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur deur die koms van Titus, en nie net deur sy koms nie, maar ook deurdat julle hom opgebeur het. Hy het vertel van julle begeerte om ons te sien, en dat julle jammer is oor wat gebeur het en my nou ywerig verdedig. Dit alles het my nog blyer gemaak (**2 Kor.7:5-7**). Een van die onvermydelikhede van ons geestelike lewe is dat ons deur beproewing getoets word. In moeilike tye voel dit altyd of alles tegelyk gebeur. In hierdie verse is Paulus en dié wat saam met hom was, geteister deur botsings van buite en vrese van binne. Botsings in persoonlike verhoudings of in die bediening bring maklik spanning en vrees in ons harte: vrees dat die Koninkryk van God deur sulke botsings skade kan ly, vrees dat jou naam aangetas kan word en so meer. Paulus het al hierdie dinge eerstehands ervaar. Ander Gelowiges beleef diepe smart. Hierdie emosies is vandag ook 'n realiteit. Hoe hanteer 'n mens sulke emosies? Om hierdie emosies te ignoreer of geestelik te verdoesel is nie die antwoord nie. 'n Mens moet jou emosies hanteer. Konfronteer jou konflikte van buite (met mense) en jou vrese van binne (met God). Daar bestaan nie 'n kitsoplossing nie. Daar is geen maklike uitweg nie. Verootmoedig jou voor die Here en voor die mense ter wille van versoening sodat Sy Koninkryk nie skade sal ly nie. Moenie jouself eerste stel nie. Bid so lank as wat nodig is. Slegs dan sal jy oorwin.

Ons Vader, my hart is besorg oor konflikte van buite en vrese in my binneste. Ek het U hulp nodig om dit te hanteer. Help my om myself nederig te stel soos Jesus, om myself nie te verdedig nie, maar om U koninkryk eerste te stel. Leer my om moeilike tye te deurstaan. Leer my om U te vertrou en om in my verhouding met U te groei.

Maandag 29 Desember 2008

Gebedsfokus op redding: Kontrakwerkers

Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed (**Rom.12:12**). Kontrakwerkers verdien nie 'n vaste salaris nie en is bykans konstant op die uitkyk vir nuwe kontrakte. Party verdien 'n klein fooitjie, terwyl ander letterlik duisende verdien op die dae dat hulle werk. Hulle beweeg baie rond tussen besighede, dorpe en selfs lande. Bid dat werkgewers billike lone aan hulle sal betaal. Bid vir die redding van ongeredde kontrakwerkers. Bid dat hulle getrou in hulle werk sal wees en ook dat hulle optrede, selfs meer as hulle woorde, baie ander na die Here sal bring.

Gebedsfokus op herlewing: Herlewing in Skotland 1860

Toe die nuus van die Amerikaanse herlewing (1857-1859) Skotland bereik, het die Algemene Vergadering van die Kerk van Skotland byeengekom om die Here te dank vir wat oorkant die oseaan gebeur het en te pleit vir 'n soortgelyke uitstorting van die Heilige Gees in Skotland. Die tweede Sondag in Junie 1860 is opsy gesit as 'n dag om vir herlewing te bid. Die nuus het vinnig versprei. Net onder die Presbiteriaanse kerkgangers het 40 549 weekliks die gebedsbyeenkomste bygewoon en vir herlewing gebid. Afgesien van die 1 205 bidure was daar ook 129 nuwe interkerklike gebedsbyeenkomste per week. Die gebedslas het vergroot toe die mense van Skotland verneem het dat die Here Ulster in Noord-Ierland met herlewing besoek het. Groepe van tot 20 000 het kom luister na sprekers wat van herlewing in ander lande vertel het. Die woord op almal se lippe was herlewing. Op baie plekke was die skares so groot dat die kerke te klein was. Die mense het in groeiende getalle tot God begin nader. Op sommige plekke het tot 500 mense wat hulp gesoek het, agtergebly. Daar was geen reklame, groot predikers of organisasie nie. Die herlewing het na die Orkney-eilande en Shetland versprei. Selfs vyf jaar daarna het die Presbiteriaanse Kerk gerapporteer dat die herlewing steeds voortgaan. Baie "goeie Christene" het besef dat goedheid nie genoeg was nie, en het hulle tot Christus, die Gekruisigde, gewend. Ander het van hulle openlike sondes weggedraai en heilige lewens begin lei; party het gehuil van blydskap dat hulle sondes vergewe is. (*Breath of Heaven*, Ken Terhoven, bll. 8-81).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing***: Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Stort asseblief U Gees oor ons nasie uit. Laat die mense in groot getalle bymekaarkom om na U Woord te luister, sodat daar vir hulle gebid kan word en hulle gesond kan word. Laat ons nie onsself verhef nie, maar met vrymoedigheid die goedheid en werke van die Here weerspieël sodat meer mense hulle tot U sal bekeer. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Dinsdag 30 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Die "Jonathan Edwards-herlewing" 1741

Die Eerste Groot Herlewing, bedoelende die eerste "wêreldwye" herlewing, het in 1741 begin. In Amerika het dit met die prediker en teoloog, Jonathan Edwards, begin. Maande voordat die herlewing in Enfield begin het, het Edwards sy nou beroemde preek, "Sondaars in die hande van 'n toornige God", geskryf. Hy het eers elke sin van die preek op homself toegepas. Gebroke en verootmoedig het hy die preekstoel in Enfield, New England in 1741 betree. Hy het 'n lantern in die een hand en die preek in die ander hand gehad en het begin om die preek op sy gewone onemosionele manier voor te lees. Toe die mense daardie dag die kerk binnegegaan het, was hulle houding onbedagsaam en oppervlakkig. Hulle het op die tradisionele manier soos hulle gewoond was kerk toe gegaan. Party het gesit en skinder en hulle kwalik ordentlik gedra. Toe Edwards die preek begin lees het, het die mense ernstig begin word en kort voor lank het die hele gemeente hulle koppe laat sak in 'n geweldige oortuiging van hulle sondes en die gevaar daarvan. Daar was later so 'n gesnuif en geween dat Edwards verplig was om die mense te vra om stil te word sodat hy verder kon lees, maar dit was onmoontlik. Die Woord van God het so 'n kragtige uitwerking op die gemeente gehad dat baie van die toehoorders hulle nie kon beheer nie. Hulle het aan die pilare en kerkbanke vasgehou om nie op die grond neer te stort nie en uitgeroep: "Ek gly weg in die hel in! Red my, o red my." (*In the Day of Thy Power*, Arthur Wallis).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing:** *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Ons het so 'n behoefte aan daardie predikers wat die evangelie met krag en oortuiging gepreek het sodat harte hulle tot 'n liefdevolle en versorgende heilige God sal keer! Wek asseblief weer sulke mense op wat U Woord in ons tyd sal predik. Raak harte en gedagtes aan om nie net hoorders van die Woord te wees nie, maar om ook sonder toegewings aan die wêreld daders van die Woord te word. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Woensdag 31 Desember 2008

Gebedsfokus op herlewing: Intersessie vir die verlorenes

David Brainerd was 'n sendeling onder die Indiaanse stamme in Noord-Amerika. Op verskillende geleenthede het hy wonderbaarlike deurbrake van herlewing by hulle ervaar. In sy dagboek van 1742 lees ons: "Ek het vandag vir vas en gebed opsy gesit sodat ek my vir die bediening kan voorberei, om hulp en rigting by God te kry en sodat Hy my op sy eie manier in die oesland kan instuur. Teen die middag het ek krag ervaar om vir kosbare siele in te tree en vir die bevordering van die Koninkryk van my dierbare Here en Redder, en selfs vertroosting en soete berusting gekry in die blye gedagte dat ek swaarkry, nood en die dood self sou ly in die uitbouing van Sy Koninkryk. Ek het 'n spesiale blydskap van die hart ervaar deur vir die arme heidene te pleit. God was in waarheid by my. Hy het my in staat gestel om in die gebed te worstel en ek was heeltemal nat van die sweet alhoewel dit rondom my gesneeu het. Ek het die Here aangeroep vir die menigte siele. Dit het vir my gevoel of ek my hele lewe kon deurbring deur net tot God te roep vir die siele van sondaars en heiligheid onder God se eie mense."

Van 'n ander geleentheid lees ons: "Met nog 'n halfuur se sonskyn voor dit amper donker was, het ek die hele dag geworstel totdat ek deurdrenk van die sweet was ... O dierbare Jesus, U het bloed gesweet vir arme sondaars. Hoe smag ek na meer van U ontferming." (*Life of David Brainerd* soos aangehaal in *In the Day of Thy Power*, Arthur Wallis, bll. 163-164).

🗣**SMEEKGEBED vir herlewing:** *Ons Vader wat in die hemel is, ons roep tot U ter wille van ons land en sy mense. Wek 'n heilige ontferming in die harte van Gelowiges om tot U te roep vir deurbrake soos wat hierdie man ervaar het! Wek duisende en duisende getroue intersessors op wat sal vas en bid en U nie sal laat gaan totdat hulle 'n deurbraak ervaar het nie. Hier is ek, Here, raak my aan.*

Donderdag 1 Januarie 2009

Gee God meer tyd om met jou te praat

Dit is die begeerte van elke Gelowige aan die begin van 'n nuwe jaar. Tog is dit feitlik altyd vir ons onmoontlik om konsekwent daarmee vol te hou. Een manier om seker te maak jy gee tyd vir God, is om 'n vriend vir 'n gereelde afspraak te nooi, ten minste een keer per week. Dit werk wonderlik vir mans en vroue wat 'n besige program het! Besluit op 'n dag en tyd in die week (of oor 'n naweek) wat julle albei sal pas. Oorweeg dit om julle tyd te begin deur die Bybel van Genesis tot Openbaring deur te lees, selfs al neem dit die hele jaar. Julle kan ook by Matteus of die Psalms begin. Een manier om God tyd te gee om met jou te praat, is deur die Woord te lees. Terwyl julle lees, hou op met lees en bid saam. Wanneer julle voel dat die Here met julle praat, lees dan weer verder. Daar is nie 'n eenvoudiger, meer opwindende manier om tyd met God deur te bring en terselfdertyd iemand te hê wat jou kan help om aanspreeklik te wees om tyd saam met God deur te bring nie. (Dit vervang natuurlik nie ons persoonlike stiltetyd met die Here nie. Dit koop net meer tyd uit saam met God op 'n aangename manier.)

Gebedsfokus op die kerk: Sendelinge in die buiteland

Bid asseblief vir die Suid-Afrikaanse sendelinge, Hans en Gerda Leithgöb, vir hulle bediening in Engeland oor praktiese gebed en intersessie. Vra die Here om hulle insig en baie wysheid te gee in elke omstandigheid, sodat hulle die gemeentes waar hulle onderrig gee, op hul vlak van behoefte sal ontmoet en bedien. Bid vir openheid onder Christene sodat hulle die Woord van die Here sal hoor en sterk sal wees om hierdie toerusting prakties in hulle lewens en persoonlike verhouding met hulle Hemelse Vader te benut. (*Herald Ministry*, Posbus 72163, Lynnwoodrif, 0040. Tel./faks: 012 348 1377. Webruimte: www.heraldministry.org of e-pos: herald@mweb.co.za).

Vrydag 2 Januarie 2009

Gesondheidsdeurbraak: SA se skenkerbloed sedert 2005 vry van MIV

Volgens die *Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBD)* is geen MIV-infeksies deur bloedoortappings sedert 2005 aangeteken nie. Die gebruik van nukleiënsuur-amplifikasietegnologie (NAT) identifiseer spore van genetiese materiaal van MI-, hepatitis B- en hepatitis C-virus in die bloed doeltreffender as ander metodes. Slegs 1% van die Suid-Afrikaanse bevolking skenk bloed, wat onvoldoende is vir 'n land met 'n hoë aanvraag. (Webruimte: http://www.mg.co.za/articlePage.aspx?articleid=337217&area=/breaking_news/breaking_news__national/). Dank God vir die verhoring van gebede in verband met die gesondheidsituasie in ons land. Hou aan bid dat hierdie rekord behou sal word. Bid ook vir die beskikbaarheid van meer bloed om te voldoen in die aanvraag.

Gebedsfokus op gesondheid: Swazi-bevolking aan die afneem

Die bevolking van die vigs-geteisterde koninkryk van Swaziland, alreeds een van die kleinste lande in Afrika, het in die laaste dekade met ongeveer een vyfde gedaal. Swaziland is besonder nadelig getref deur Suidelike Afrika se vigspandemie, met byna 40% van die volwasse bevolking wat deur die virus aangetas is. 'n Sensus het getoon dat 589 uit elke 100 000 vroue tydens kraam sterf, en dit maak die situasie besonder kommerwekkend. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=68&art_id=nw20080725162615243C729518&newslett=1&em=177813a6a20080726ah). Bid asseblief dat God 'n ommekeer in die situasie in hierdie land sal bewerk. Vra dat Swazi Christene sal luister na wat die Here God wil sê, want Hy belowe vrede aan sy mense, maar hulle moenie nie weer afdwaal nie. Vra dat Sy redding naby sal wees aan diegene wat Hom vrees sodat Sy Naam in Swaziland verheerlik sal word (**Ps.85:9-10**).

Saterdag 3 Januarie 2009

Gebedsfokus op geregtigheid: Jy kan misdaad help bekamp

Die *Misdaadlyn*-inisiatief is in Junie 2007 begin. Dit opereer onafhanklik en naamloos en is daarop gerig om misdadigers uit die strate te kry. Hierdie projek geniet die steun van die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).* As iemand vermoed 'n persoon (selfs familie of vriende) is by misdaad betrokke, kan hulle dit nou naamloos rapporteer. Enige inligting aangaande misdadigers wat na die Misdaadlyn gestuur word, sal opgevolg word – ongeag of dit oortreders moordenaars, verkragters, rowers, kapers, dwelmhandelaars, bendes, of kindermolesteerders is (Webruimte: http://www.crimeline.co.za). Mense kan 'n SMS na 32211 stuur of http://www.crimeline.co.za besoek om hulle in staat te stel om naamlose wenke te stuur in verband met enige misdaad of verdagte optrede. Dank die Here vir inisiatiewe soos hierdie in antwoord op baie gebed oor die jare! Bid dat mense bewus sal word van hierdie inisiatief en dat baie misdadigers tereg sal staan vir hulle dade. Bid ook vir die beskerming van onskuldige mense.

Gebedsfokus op ekonomiese welvaart: China aan die opstaan

Met min ophef het 750 000 Chinese hulle oor die afgelope dekade in Afrika gevestig. Meer is op pad. China sal uiteindelik 300 miljoen mense na Afrika moet stuur om hulle probleme van oorbevolking en besoedeling op te los. China se bevolking het bykans verdriedubbel van 500 miljoen na 1,3 miljard in 50 jaar. Die handelsomset tussen Afrika en China het vermeerder van vyf miljoen pond per jaar 'n dekade gelede tot ses miljard pond vandag. Die leiers van onafhanklike Afrikastate is maar te gretig om besigheid met China te doen om 'n eenvoudige rede: kontant. Min daarvan bereik die kontinent se verarmde 800 miljoen mense. (Webruimte: http://www.dailymail.co.uk/news/worldnews/article-1036105/How-Chinas-taking-Africa-West-VERY-worried.html). Vra vir wysheid vir Afrikaleiers om die gevare van onverstandige besluite in te sien. Moet asseblief nooit ophou bid vir die redding van presidente en regeringsamptenare in Afrika en ook in China nie. Ware godvresende regerings is die enigste oplossing vir hierdie probleem.

Sondag 4 Januarie 2009

Memoriseer

Ek gaan jou aan My bind deur My onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees. (**Hos.2:19**).

Vrede in die hart: Doen dit asof vir God

Nee, God het ons gekeur en die evangelie aan ons toevertrou, en so verkondig ons dit dan ook. Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag, Hy wat ons diepste gedagtes toets (**1 Tess.2:4**). Wat 'n onrusbarende gedagte, dat God ons harte toets. Regdeur die Ou Testament kyk God in mense se harte om te sien wat diep binne-in verborge is. In hierdie vers toets God spesifiek of hulle mense of God probeer tevrede stel in hulle prediking van die evangelie. Die vraag word vandag aan my en jou gestel: Wanneer jy vir Christus getuig, wat is in jou hart? Probeer jy mense met jou verhouding met God beïndruk? Of getuig jy op so 'n manier van God dat dit ander sal aanspoor om self ook die Here op te soek? Skilder jy God vir mense net met betrekking tot wat Hy vir jou doen?

As ons God NET voorstel vir wat Hy vir ons kan doen, eerder as vir wat Hy reeds vir ons in Christus gedoen het, sal mense teleurgesteld wees in God as Hy nie doen wat hulle wil hê nie. Dan het hulle die reg om teleurgesteld te wees of hulle geloof in God te verloor. Dan maak hulle staat op wat hulle uit hulle Christenskap kan kry. As ons God EERSTENS uitbeeld vir wat Hy vir ons in Christus gedoen het, sal mense Hom bewonder en vertrou as die Ewige Alwyse Een, ten spyte van moeilike omstandighede. Dan sal hulle glo soos 'n kind in sy pa, dat wat ook al gebeur, alles sal uiteindelik reg verloop, want sy pa het hom lief. Dan vertrou hulle in liefde.

Watter getuienis beeld jou lewe uit? Probeer jy mense of God tevrede stel? Wil jy nie 'n oomblik stilstaan om na te dink oor hoe jy die Here behaag nie? Neem vandag tyd vir gebed en vra Hom om jou te wys. Wag op Hom en wees nederig om 'n verkeerde ingesteldheid van jou hart te erken as Hy vir jou terreine toon waarin jy nog mense behaag. Wanneer ek en jy God behaag, is ons harte rustig en heel.

Hemelse Vader, vergewe my asseblief vir die tye wat ek getuig, preek, skryf of leef op maniere wat veroorsaak dat mense die verkeerde indruk oor U as 'n liefdevolle en sorgsame Vader kry. Ek het U teregwysing in my eie hart nodig. Praat asseblief met my deur U Heilige Gees sodat ek sal weet hoe om U te behaag en gou sal wees om te bely wanneer ek dit nie doen nie. Help my om selfloos die evangelie uit te leef tot U verheerliking.

Is jy 'n ware man?

Dit kos 'n prys om 'n man van God te wees. Wie 'n man van God wil wees, moet sy identiteit in God vind. Baie van ons wil nie. Ons wil nog steeds "ons eie mens" wees. Wanneer ons 'n "man van God" word, word ons naam "Man van God". Elke ander naam en identiteit word onbelangrik. Daar is egter baie hindernisse: ons wil bv. steeds onder ons eie naam bekend wees; en ons wil so graag steeds erkenning ontvang vir dit wat ons gedoen het, vir ons suksesse, prestasies en dit wat uniek is aan ons. Wanneer ons net "man van God" is, is daar nie meer plek vir persoonlike eer nie. Dit is egter nie al nie: een van ons grootste benoudhede is waarskynlik dat ons elke oomblik in die teenwoordigheid van God moet wees en nie net wanneer ons wil nie. Vir 'n mens is dit 'n absoluut angswekkende gedagte. Dink vir 'n oomblik daaroor: "*élke oomblik".* Daar is nie een oomblik wat God nie weet wat ons dink of doen nie. Ons kan nêrens alleen wees nie. Daar is nooit 'n oomblik waarin ons net kan sit en niemand ons pla en ons "uitgelos kan word" nie. Soos 'n skaduwee is God altyd daar. En dit is dalk die oorgrote meerderheid van ons se diepste vrees: dat Hy elke oomblik daar sal wees. Dan kan ons nie soms net weer 'n keer kyk waar ons nie moet kyk nie of 'n paar "privaat" gedagtes dink nie, ons kan nie meer soms net presies sê wat ons in ons hart voel om te sê nie of af en toe 'n "bietjie" onheilig leef en nie net die hele tyd "in my spoor trap" nie. Miskien het ons nog nooit so daaroor gedink nie, maar ten diepste probeer die Adam in ons nog steeds vir God wegkruip.